G 68 G
S. 559

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
RONDEBOSCH
LIBRARY

# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

# VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 112] CAPE TOWN, 9 OCTOBER 1974 KAAPSTAD, 9 OKTOBER 1974 [No. 4426

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1819. 9 October 1974.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 42 of 1974: Publications Act, 1974.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1819. 9 Oktober 1974.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 42 van 1974: Wet op Publikasies, 1974.

# WET

**Om voorsiening te maak vir beheer oor sekere publikasies of voorwerpe, rolprente en openbare vermaaklikhede; om die Poswet, 1958, te wysig; om die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, te herroep; om die Doeane- en Aksynswet, 1964, en die Wet op Onbetaamlike of Onwelvoeglike Fotografiese Materiaal, 1967, te wysig; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

---

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 1 *Oktober* 1974.)

---

## INDELING VAN ARTIKELS


| | *Artikels* |
|---|---|
| INLEIDENDE BEPALING | |
| Erkenning van Christelike lewensbeskouing . . | 1 |
| HOOFSTUK I | |
| DIREKTORAAT, KOMITEES EN ADVIESKOMITEES . . | 2–7 |
| Direktoraat van Publikasies. . . . . . . | 2 |
| Werksaamhede van direktoraat. . . . . . | 3 |
| Komitees . . . . . . . . . . . . | 4 |
| Persone wat as lede van komitees aangestel kan word . . . . . . . . . . . | 5 |
| Kleurlingadvieskomitee . . . . . . . . | 6 |
| Indiëradvieskomitee . . . . . . . . . | 7 |
| HOOFSTUK II | |
| PUBLIKASIES OF VOORWERPE . . . . . . . | 8–18 |
| Verbod op voortbrenging, verspreiding, invoer of besit van sekere publikasies of voorwerpe . | 8 |
| Bevoegdhede van komitees betreffende publikasies of voorwerpe . . . . . . . . . | 9 |
| Aansoeke om beslissings deur komitees moet aan direktoraat voorgelê word . . . . . . | 10 |
| Direktoraat moet aansoeke en publikasies of voorwerpe aan komitees laat voorlê . . . . . | 11 |
| Pligte van direkteur betreffende beslissings van komitees . . . . . . . . . . . | 12 |
| Appèlle teen sekere verklarings, verbiedinge of beslissings van komitees . . . . . . . | 13 |
| Heroorweging deur appèlraad van beslissings dat publikasies of voorwerpe nie ongewens is nie | 14 |
| Hersiening na verloop van twee jaar van beslissings dat publikasies of voorwerpe ongewens is | 15 |
| Direkteur moet lyste van sekere publikasies of voorwerpe in *Staatskoerant* publiseer . . . | 16 |
| Bevoegdhede van betreding, ondersoek en beslaglegging . . . . . . . . . . . | 17 |
| Registrasie van uitgewers . . . . . . . . | 18 |
| HOOFSTUK III | |
| ROLPRENTE . . . . . . . . . . . . | 19–29 |
| Verbod op vertoning of uitgee van rolprente wat nie goedgekeur is nie . . . . . . . . | 19 |
| Aansoeke om goedkeuring van rolprente . . . | 20 |

# ACT

**To provide for the control of certain publications or objects, films and public entertainments; to amend the Post Office Act, 1958; to repeal the Publications and Entertainments Act, 1963; to amend the Customs and Excise Act, 1964, and the Indecent and Obscene Photographic Matter Act, 1967; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 1 *October* 1974.)

## ARRANGEMENT OF SECTIONS

*Sections*

INTRODUCTORY PROVISION
Recognition of Christian view of life . . . . . 1

CHAPTER I
DIRECTORATE, COMMITTEES AND ADVISORY COMMITTEES . . . . . . . . . 2–7
Directorate of Publications . . . . . 2
Functions of directorate . . . . . 3
Committees . . . . . 4
Persons eligible for appointment as members of committees . . . . . 5
Coloured Advisory Committee . . . . . 6
Indian Advisory Committee . . . . . 7

CHAPTER II
PUBLICATIONS OR OBJECTS . . . . . . . . 8–18
Production, distribution, importation or possession of certain publications or objects prohibited . . . 8
Powers of committees relating to publications or objects . . . 9
Applications for decisions by committees to be submitted to directorate . . . 10
Directorate to cause applications and publications or objects to be submitted to committees . 11
Duties of director relating to decisions of committees . . . . . 12
Appeals against certain declarations, prohibitions or decisions of committees . . . 13
Reconsideration by appeal board of decisions that publications or objects are not undesirable 14
Review after lapse of two years of decisions that publications or objects are undesirable . . . 15
Director to publish lists of certain publications or objects in the *Gazette* . . . . . 16
Powers of entry, examination and seizure . 17
Registration of publishers . . . . . 18

CHAPTER III
FILMS . . . . . . 19–29
Prohibition of exhibition or publication of films which have not been approved . . . . . 19
Applications for approval of films . . . . . 20

*Artikels*

Ondersoek van en beslissing oor rolprente deur komitees . . . . . . . . . . 21
Sertifikaat van goedkeuring . . . . . . 22
Appèl na appèlraad teen afkeuring of voorwaardes van goedkeuring van rolprente . . . . . 23
Heroorweging van beslissings van komitees waarkragtens rolprente goedgekeur is . . . . 24
Hersiening van sekere beslissings oor rolprente na verloop van twee jaar . . . . . . . . 25
Verbode rolprente . . . . . . . . . 26
Verbod op verrigting van sekere handelinge met betrekking tot sekere rolprente . . . . . 27
Sekere rolprente moet aan direktoraat gestuur word . . . . . . . . . . 28
Registrasie van persone wat besigheid van vervaardiger of verspreider van rolprente bedryf . . 29

HOOFSTUK IV
OPENBARE VERMAAKLIKHEDE . . . . . . . 30–34
Komitee kan hou van sekere openbare vermaaklikhede verbied of voorwaardes oplê . . . . 30
Appèl teen verbod op hou van openbare vermaaklikheid of voorwaarde ten opsigte van hou daarvan opgelê . . . . . . . . 31
Heroorweging van beslissing van komitee dat openbare vermaaklikheid nie ongewens is of sal wees nie . . . . . . . . . 32
Hersiening van sekere beslissings oor sekere openbare vermaaklikhede na verloop van twee jaar 33
Verbod op hou van sekere openbare vermaaklikhede . . . . . . . . . . 34

HOOFSTUK V
APPÈLRAAD OOR PUBLIKASIES . . . . . . . 35–39
Appèlraad oor Publikasies . . . . . . . 35
Prosedure van appèlraad . . . . . . . 36
Minagting van appèlraad . . . . . . . 37
Beslissings van komitees, direktoraat of appèlraad nie vatbaar vir appèl nie . . . . . . 38
Hersiening van beslissings van appèlraad deur Hooggeregshof . . . . . . . . 39

HOOFSTUK VI
DIVERSE BEPALINGS . . . . . . . . 40–53
Vertoë tot appèlraad betreffende aansoeke om permitte en vrystellings . . . . . . 40
Vry toelating van sekere persone by rolprentvertonings en by openbare vermaaklikhede . 41
Verbod op onbehoorlike beïnvloeding van komitee, direktoraat of appèlraad . . . . 42
Strawwe . . . . . . . . . . 43
Regulasies . . . . . . . . . . 44
Uitsluiting van ander wette . . . . . . 45
Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika . . 46
Woordbepaling . . . . . . . . . 47
Wysiging van die Poswet, 1958 . . . . . 48
Wysiging van die Doeane- en Aksynswet, 1964 . 49
Wysiging van artikel 1 van die Wet op Onbetaamlike of Onwelvoeglike Fotografiese Materiaal, 1967 . . . . . . . . . . 50
Wysiging van artikel 2 van die Wet op Onbetaamlike of Onwelvoeglike Fotografiese Materiaal, 1967 . . . . . . . . . . 51
Herroeping van wette . . . . . . . . 52
Kort titel en inwerkingtreding . . . . . 53

| | Sections |
|---|---|
| Examination of and decision on films by committees | 21 |
| Certificate of approval | 22 |
| Appeal to appeal board against rejection or conditions of approval of films | 23 |
| Reconsideration of decisions of committees in terms of which films have been approved | 24 |
| Review of certain decisions on films after lapse of two years | 25 |
| Prohibited films | 26 |
| Performance of certain acts in relation to films prohibited | 27 |
| Certain films to be sent to director | 28 |
| Registration of persons conducting business of maker or distributor of films | 29 |
| CHAPTER IV | |
| PUBLIC ENTERTAINMENTS | 30–34 |
| Committee may prohibit giving of certain public entertainments or may impose conditions | 30 |
| Appeal against prohibition of giving of public entertainment or condition imposed in respect of giving thereof | 31 |
| Reconsideration of decision of committee that public entertainment is or will not be undesirable | 32 |
| Review of certain decisions on certain public entertainments after lapse of two years | 33 |
| Giving of certain public entertainments prohibited | 34 |
| CHAPTER V | |
| PUBLICATIONS APPEAL BOARD | 35–39 |
| Publications Appeal Board | 35 |
| Procedure of appeal board | 36 |
| Contempt of appeal board | 37 |
| Decisions of committees, directorate or appeal board not appealable | 38 |
| Review of decisions of appeal board by Supreme Court | 39 |
| CHAPTER VI | |
| MISCELLANEOUS PROVISIONS | 40–53 |
| Representations to appeal board in relation to applications for permits and exemptions | 40 |
| Admission of certain persons free of charge at exhibitions of films and at public entertainments | 41 |
| Undue influence of committee, directorate or appeal board prohibited | 42 |
| Penalties | 43 |
| Regulations | 44 |
| Exclusion of other laws | 45 |
| Application of Act to South West Africa | 46 |
| Definitions | 47 |
| Amendment of the Post Office Act, 1958 | 48 |
| Amendment of the Customs and Excise Act, 1964 | 49 |
| Amendment of section 1 of the Indecent or Obscene Photographic Matter Act, 1967 | 50 |
| Amendment of section 2 of the Indecent or Obscene Photographic Matter Act, 1967 | 51 |
| Repeal of laws | 52 |
| Short title and commencement | 53 |

Wet No. 42, 1974

WET OP PUBLIKASIES, 1974.

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Erkenning van Christelike lewensbeskouing.

**1.** Die strewe van die volk van die Republiek van Suid-Afrika om 'n Christelike lewensbeskouing te handhaaf, word by die toepassing van hierdie Wet erken.

## HOOFSTUK I

### DIREKTORAAT, KOMITEES EN ADVIESKOMITEES

Direktoraat van Publikasies.

**2.** (1) (*a*) Daar is 'n direktoraat bekend as die Direktoraat van Publikasies.

(*b*) Die direktoraat verrig die werksaamhede wat kragtens hierdie Wet aan hom opgedra word.

(2) (*a*) Die direktoraat bestaan uit 'n direkteur, bekend as die Direkteur van Publikasies, 'n adjunk-direkteur en die getal onderdirekteure, maar hoogstens drie, wat die Minister bepaal.

(*b*) Die lede van die direktoraat word deur die Minister aangestel en moet persone wees wat na sy oordeel uit hoofde van hul opvoedkundige kwalifikasies en kundigheid geskik is om die werksaamhede wat kragtens hierdie Wet aan die direktoraat opgedra word, te verrig.

(3) Die ampstermyn, ampsvoorwaardes, besoldiging en toelaes van die lede van die direktoraat is soos voorgeskryf.

(4) Die administratiewe werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die direktoraat word verrig deur beamptes wat vir die doeleindes van hierdie Wet deur die Sekretaris aangewys word: Met dien verstande dat 'n beampte wat nie by die departement in diens is nie, aldus aangewys word slegs met die instemming van die hoof van die departement waar sodanige beampte in diens is.

(5) Die direkteur moet voorsit by alle vergaderings van die direktoraat waarby hy aanwesig is, en indien hy van 'n vergadering afwesig is, moet die adjunk-direkteur voorsit, en indien sowel die direkteur as adjunk-direkteur van 'n vergadering afwesig is, moet die aldaar aanwesige lede van die direktoraat een uit hul midde kies om op daardie vergadering voor te sit.

(6) Drie lede van die direktoraat maak 'n kworum uit, en die beslissing van die meerderheid van die lede aanwesig by 'n vergadering van die direktoraat maak 'n besluit van die direktoraat uit: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme die persoon wat by die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het.

(7) Vergaderings van die direktoraat word gehou op die tye wat die voorsitter, of in sy afwesigheid die ondervoorsitter, bepaal.

(8) 'n Dokument wat deur die direkteur onderteken heet te wees en waarin verklaar word dat 'n werksaamheid deur die direktoraat verrig is, is afdoende bewys van die verrigting van daardie werksaamheid deur die direktoraat.

(9) Die setel van die direktoraat is in Kaapstad.

Werksaamhede van direktoraat.

**3.** Die direktoraat moet—

(*a*) die werksaamhede ten opsigte van publikasies of voorwerpe, rolprente, openbare vermaaklikhede en voorgenome openbare vermaaklikhede wat kragtens hierdie Wet of 'n ander Wet aan hom opgedra word, verrig;

(*b*) op versoek van 'n komitee 'n aangeleentheid met betrekking tot 'n werksaamheid van daardie komitee aan iemand wat 'n deskundige oor daardie aangeleentheid is, vir sy advies voorlê;

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Recognition of Christian view of life.**

**1.** In the application of this Act the constant endeavour of the population of the Republic of South Africa to uphold a Christian view of life shall be recognized.

## CHAPTER I

### DIRECTORATE, COMMITTEES AND ADVISORY COMMITTEES

**Directorate of Publications.**

**2.** (1) (*a*) There shall be a directorate to be known as the Directorate of Publications.

(*b*) The directorate shall perform the functions entrusted to it under this Act.

(2) (*a*) The directorate shall consist of a director, to be known as the Director of Publications, a deputy director and the number of assistant directors, but not exceeding three, determined by the Minister.

(*b*) The members of the directorate shall be appointed by the Minister and shall be persons who in his opinion are by reason of their educational qualifications and knowledge fit to perform the functions entrusted to the directorate under this Act.

(3) The period and conditions of office, remuneration and allowances of the members of the directorate shall be as prescribed.

(4) The administrative work incidental to the performance of the functions of the directorate shall be performed by officers designated by the Secretary for the purposes of this Act: Provided that any officer who is not serving with the department shall be so designated only with the concurrence of the head of the department where such officer is serving.

(5) The director shall preside at all meetings of the directorate at which he is present, and if he is absent from any meeting, the deputy director shall preside, and if both the director and the deputy director are absent from any meeting, the members present thereat shall elect one of their number to preside at that meeting.

(6) Three members of the directorate shall constitute a quorum, and the decision of the majority of members present at a meeting of the directorate shall be the decision of the directorate: Provided that in the event of an equality of votes the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(7) Meetings of the directorate shall be held at such times as the director, or in his absence the deputy director, may determine.

(8) Any document purporting to have been signed by the director and stating that a function was performed by the directorate shall be sufficient proof of the performance of that function by the directorate.

(9) Cape Town shall be the seat of the directorate.

**Functions of directorate.**

**3.** The directorate shall—

(*a*) perform such functions in respect of publications or objects, films, public entertainments and intended public entertainments as may be entrusted to it under this Act or any other Act;

(*b*) at the request of any committee, submit any matter relating to any function of that committee to any person who is an expert on that matter, for his advice;

(c) die Minister van advies dien aangaande 'n aangeleentheid voortspruitende uit die toepassing van enige bepaling van hierdie Wet wat deur die Minister na die direktoraat verwys word.

Komitees.

4. (1) Die direktoraat moet van tyd tot tyd die getal komitees benoem wat hy vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet nodig ag.

(2) 'n Komitee in subartikel (1) bedoel, bestaan uit die getal lede, maar minstens drie, wat deur die direktoraat behoudens die bepalings van artikel 5 aangestel word.

(3) Iemand wat kragtens artikel 5 (3) aangewys is en wat kragtens subartikel (2) as lid van 'n komitee aangestel word, tree as voorsitter van die betrokke komitee op: Met dien verstande dat indien twee persone wat aldus aangewys is, as lede van dieselfde komitee aangestel word, die persoon wat deur die direktoraat bepaal word as voorsitter van die betrokke komitee optree, terwyl die ander persoon in die afwesigheid van die eersgenoemde persoon as voorsitter van daardie komitee optree.

(4) Drie lede van 'n komitee maak 'n kworum uit en die beslissing van die meerderheid van lede wat op 'n vergadering van die komitee aanwesig is, maak 'n besluit van die komitee uit: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme die persoon wat by die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het.

(5) (a) Die ampstermyn van lede van 'n komitee word by aanstelling bepaal.

(b) Die ampsvoorwaardes, besoldiging en toelaes van lede van 'n komitee is soos voorgeskryf.

Persone wat as lede van komitees aangestel kan word.

5. (1) (a) Niemand word as 'n lid van 'n komitee aangestel nie tensy sy naam verskyn op die lys in paragraaf (b) bedoel.

(b) Bedoelde lys word jaarliks deur die Minister saamgestel en word van tyd tot tyd wanneer nodig deur hom aangevul.

(2) Persone wie se name in die in subartikel (1) bedoelde lys opgeneem word, moet persone wees wat na die oordeel van die Minister uit hoofde van hul opvoedkundige kwalifikasies en kundigheid geskik is om die werksaamhede wat kragtens hierdie Wet aan komitees opgedra word, te verrig.

(3) Die Minister wys soveel van die persone in subartikel (1) bedoel aan as wat hy nodig ag om behoudens die bepalings van die voorbehoudsbepaling by artikel 4 (3) as voorsitters van komitees te dien wanneer hulle as lede daarvan aangestel word.

Kleurling-advieskomitee.

6. (1) Die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad van die Republiek van Suid-Afrika kan jaarliks 'n advieskomitee bestaande uit hoogstens vyf lede aanstel om komitees van advies te dien ten opsigte van enige vraag in verband met die vertoning van rolprente aan Kleurlinge wat deur die komitees na daardie advieskomitee verwys word.

(2) Die Uitvoerende Bestuur in subartikel (1) bedoel, stel 'n lid van die advieskomitee in daardie subartikel bedoel, as voorsitter van daardie advieskomitee aan.

(3) Niemand behalwe 'n persoon wat bevoeg is om in 'n verkiesing van lede van die in subartikel (1) bedoelde raad te stem, word as lid van die advieskomitee in daardie subartikel bedoel, aangestel nie.

(4) Die besoldiging en toelaes van die lede van die advieskomitee in subartikel (1) bedoel, is soos voorgeskryf.

(*c*) advise the Minister concerning any matter arising from the application of any provision of this Act which is referred to the directorate by the Minister.

**Committees.**

**4.** (1) The directorate shall from time to time appoint such number of committees as it may consider necessary for the achievement of the purposes of this Act.

(2) A committee referred to in subsection (1) shall consist of such number of members, but not fewer than three, as may be appointed by the directorate subject to the provisions of section 5.

(3) Any person who has been designated under section 5 (3) and who is appointed as a member of a committee under subsection (2), shall act as chairman of the committee concerned: Provided that if two persons who have been so designated are appointed as members of the same committee, the person who is determined by the directorate shall act as chairman of the committee concerned, while the other person shall act as chairman of that committee in the absence of the first-mentioned person.

(4) Three members of a committee shall constitute a quorum and the decision of the majority of members present at a meeting of the committee shall be the decision of the committee: Provided that in the event of an equality of votes the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(5) (*a*) The period of office of members of a committee shall be determined on appointment.

(*b*) The conditions of office, remuneration and allowances of members of a committee shall be as prescribed.

**Persons eligible for appointment as members of committees.**

**5.** (1) (*a*) No person shall be appointed as a member of a committee unless his name appears on the list referred to in paragraph (*b*).

(*b*) Such list shall be compiled annually by the Minister and shall be supplemented by him from time to time when necessary.

(2) Persons whose names are included in the list referred to in subsection (1), shall be persons who in the opinion of the Minister are by reason of their educational qualifications and knowledge fit to perform the functions entrusted to committees under this Act.

(3) The Minister shall designate as many of the persons referred to in subsection (1) as he may deem necessary to serve, subject to the provisions of the proviso to section 4 (3), as chairmen of committees when they are appointed as members thereof.

**Coloured Advisory Committee.**

**6.** (1) The Executive of the Coloured Persons Representative Council of the Republic of South Africa may appoint annually an advisory committee consisting of not more than five members to advise committees in respect of any question relating to the exhibition of films to coloured persons which is referred by the committees to that advisory committee.

(2) The Executive referred to in subsection (1) shall appoint a member of the advisory committee referred to in that subsection, as chairman of that advisory committee.

(3) No person other than a person who is competent to vote in an election of members of the council referred to in subsection (1), shall be appointed as a member of the advisory committee referred to in that subsection.

(4) The remuneration and allowances of the members of the advisory committee referred to in subsection (1) shall be as prescribed.

Indiër-advieskomitee.

7. (1) Die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Indiërraad kan jaarliks 'n advieskomitee bestaande uit hoogstens vyf lede aanstel om komitees van advies te dien met betrekking tot enige vraag in verband met die vertoning van rolprente aan Indiërs wat deur die komitees na daardie advieskomitee verwys word.

(2) Die Uitvoerende Komitee in subartikel (1) bedoel, stel 'n lid van die advieskomitee in daardie subartikel bedoel as voorsitter van daardie advieskomitee aan.

(3) Niemand behalwe 'n persoon wat bevoeg is om lid van die in subartikel (1) bedoelde raad te wees, word as lid van die advieskomitee in daardie subartikel bedoel, aangestel nie.

(4) Die besoldiging en toelaes van die lede van die advieskomitee in subartikel (1) bedoel, is soos voorgeskryf.

## HOOFSTUK II

### PUBLIKASIES OF VOORWERPE

Verbod op voortbrenging, verspreiding, invoer of besit van sekere publikasies of voorwerpe.

8. (1) Niemand mag—

(*a*) 'n ongewenste publikasie of voorwerp voortbring nie, of

(*b*) 'n publikasie of voorwerp versprei nie, indien daardie publikasie of voorwerp volgens 'n beslissing van 'n komitee ongewens is en daardie beslissing by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is; of

(*c*) behalwe op gesag van 'n permit uitgereik kragtens artikel 12 (2), 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp versprei nie, indien die verspreiding van daardie uitgawe kragtens artikel 9 (2) verbied is en daardie verbod by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is; of

(*d*) 'n publikasie of voorwerp besit nie, indien die besit van daardie publikasie of voorwerp kragtens artikel 9 (3) verbied is en daardie verbod by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is; of

(*e*) behalwe op gesag van 'n permit uitgereik kragtens artikel 12 (2), 'n publikasie of voorwerp invoer nie, indien die invoer van daardie publikasie of voorwerp kragtens artikel 9 (4) verbied is en daardie verbod by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is.

(2) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie met betrekking tot—

(*a*) die druk van enige pleitstuk, oorskrif van getuienis of ander dokument vir gebruik in verband met geregtelike verrigtinge of die medeling daarvan aan persone wat by die verrigtinge betrokke is;

(*b*) die druk of publikasie—

(i) van 'n kennisgewing of verslag ooreenkomstig die opdragte van 'n geregshof;

(ii) van stof in 'n afsonderlike boekdeel of deel van 'n *bona fide*-reeks hofverslae wat nie deel van 'n ander publikasie uitmaak nie en wat uitsluitlik uit verslae van verrigtinge in geregshowe bestaan;

(iii) van stof in 'n publikasie van 'n tegniese, wetenskaplike of professionele aard wat *bona fide* bedoel is vir die bevordering van of vir gebruik in 'n besondere beroep of vertakking van die kuns, lettere of wetenskap; of

(iv) van stof in 'n publikasie van *bona fide*-godsdienstige aard.

(3) Die direktoraat kan, na ontvangs van 'n aansoek in die voorgeskrewe vorm en op die voorwaardes wat hy goedvind, 'n persoon of inrigting skriftelik van 'n bepaling van hierdie artikel vrystel, hetsy vir 'n onbepaalde tydperk of vir 'n tydperk wat hy bepaal, en kan 'n vrystelling ingevolge hierdie subartikel verleen te eniger tyd by skriftelike kennisgewing aan die betrokke persoon of inrigting intrek.

Indian Advisory Committee.

**7.** (1) The Executive Committee of the South African Indian Council may appoint annually an advisory committee consisting of not more than five members to advise committees in respect of any question relating to the exhibition of films to Indians which is referred by the committees to that advisory committee.

(2) The Executive Committee referred to in subsection (1) shall appoint a member of the advisory committee referred to in that subsection, as chairman of that advisory committee.

(3) No person other than a person who is competent to be a member of the council referred to in subsection (1), shall be appointed as a member of the advisory committee referred to in that subsection.

(4) The remuneration and allowances of the members of the advisory committee referred to in subsection (1) shall be as prescribed.

## CHAPTER II

### PUBLICATIONS OR OBJECTS

Production, distribution, importation or possession of certain publications or objects prohibited.

**8.** (1) No person shall—

(*a*) produce an undesirable publication or object; or

(*b*) distribute a publication or object, if that publication or object is in terms of a decision of a committee undesirable and that decision has been made known by notice in the *Gazette*; or

(*c*) except on the authority of a permit issued under section 12 (2), distribute any edition of a publication or object, if the distribution of that edition has been prohibited under section 9 (2) and that prohibition has been made known by notice in the *Gazette*; or

(*d*) possess any publication or object, if the possession of that publication or object has been prohibited under section 9 (3) and that prohibition has been made known by notice in the *Gazette*; or

(*e*) except on the authority of a permit issued under section 12 (2), import any publication or object, if the importation of that publication or object has been prohibited under section 9 (4) and that prohibition has been made known by notice in the *Gazette*.

(2) The provisions of this section shall not apply with reference to—

(*a*) the printing of any pleading, transcript of evidence or other document for use in connection with any judicial proceedings or the communication thereof to persons concerned in the proceedings;

(*b*) the printing or publication—

(i) of any notice or report in pursuance of the directions of a court of law;

(ii) of any matter in any separate volume or part of any *bona fide* series of law reports which does not form part of any other publication and consists solely of reports of proceedings in courts of law;

(iii) of any matter in any publication of a technical, scientific or professional nature *bona fide* intended for the advancement of or for use in a particular profession or branch of arts, literature or science; or

(iv) of any matter in any publication of a *bona fide* religious character.

(3) The directorate may, after receipt of an application in the prescribed form and on such conditions as it may deem fit, exempt in writing any person or institution from any provision of this section, either indefinitely or for a period determined by it, and may at any time by notice in writing to the person or institution concerned withdraw any exemption granted under this subsection.

(4) (*a*) Geen vervolging word weens 'n oortreding van subartikel (1) (*a*) ingestel nie—

(i) tensy die publikasie of voorwerp wat die onderwerp van die aanklag uitmaak volgens 'n beslissing van 'n komitee ongewens is;

(ii) indien daardie beslissing een is waarteen kragtens artikel 13 'n appèl aangeteken kan word, totdat die tydperk waarin sodanige appèl aangeteken kan word, verstryk het of, indien sodanige appèl teen daardie beslissing aangeteken is, totdat die appèlraad oor daardie appèl beslis het; en

(iii) behalwe kragtens die skriftelike magtiging van die prokureur-generaal wat met regsbevoegdheid in die betrokke gebied beklee is.

(*b*) 'n Kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer waarin verklaar word dat 'n publikasie of voorwerp volgens 'n beslissing van 'n komitee ongewens is, is by die toepassing van hierdie Wet afdoende bewys van die ongewenstheid van daardie publikasie of voorwerp.

(5) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Bevoegdhede van komitees betreffende publikasies of voorwerpe.

9. (1) (*a*) 'n Komitee kan, indien—

(i) 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp wat periodiek in die Republiek uitgegee word na sy oordeel ongewens is; en

(ii) na sy oordeel elke latere uitgawe van daardie publikasie of voorwerp waarskynlik ongewens sal wees,

elke uitgawe van daardie publikasie of voorwerp ongewens verklaar.

(*b*) Nadat 'n in paragraaf (*a*) bedoelde verklaring by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is, word elke latere uitgawe van daardie publikasie of voorwerp as ongewens beskou totdat daardie verklaring deur 'n komitee ingetrek word en die intrekking by dergelike kennisgewing bekend gemaak word.

(2) 'n Komitee kan, indien 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp wat periodiek in die Republiek uitgegee word, volgens 'n beslissing van 'n komitee ongewens is, die verspreiding, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik kragtens artikel 12 (2), van alle latere uitgawes van daardie publikasie of voorwerp verbied, en kan te eniger tyd daardie verbod intrek: Met dien verstande dat indien 'n verbod kragtens hierdie subartikel opgelê en ingetrek is, geen verdere verbod ten opsigte van die verspreiding van uitgawes van die betrokke publikasie of voorwerp opgelê word nie tensy na sodanige intrekking 'n beslissing deur 'n komitee gegee is waarvolgens 'n uitgawe van die publikasie of voorwerp ongewens is.

(3) 'n Komitee kan die besit deur enigiemand van 'n publikasie of voorwerp wat volgens 'n beslissing van 'n komitee ongewens is, verbied.

(4) 'n Komitee kan die invoer, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik kragtens artikel 12 (2), van publikasies of voorwerpe wat—

(*a*) deur 'n bepaalde uitgewer uitgegee word; of

(*b*) oor 'n bepaalde onderwerp handel,

verbied indien daardie komitee van mening is dat daardie publikasies of voorwerpe ongewens is of waarskynlik ongewens sal wees, en kan so 'n verbod te eniger tyd intrek.

(5) Die direkteur moet sonder versuim 'n beslissing wat 'n verbod in subartikel (3) bedoel, oplê, aan die appèlraad voorlê, en die appèlraad moet daardie beslissing bekragtig of tersyde stel.

(4) (*a*) No prosecution shall be instituted for a contravention of subsection (1) (*a*)—

(i) unless the publication or object which forms the subject of the charge, is in terms of a decision of a committee undesirable;

(ii) if that decision is one against which an appeal may be noted under section 13, until the period within which such an appeal may be noted has expired or, if such an appeal has been noted against that decision, until the appeal board has decided on that appeal; and

(iii) except on the written authority of the attorney-general having jurisdiction in the area in question.

(*b*) A notice published in the *Gazette* stating that a publication or object is in terms of a decision of a committee undesirable, shall for the purposes of this Act be sufficient proof of the undesirability of that publication or object.

(5) Any person who contravenes any provision of this section shall be guilty of an offence.

**Powers of committees relating to publications or objects.**

**9.** (1) (*a*) A committee may, if—

(i) any edition of a publication or object which is published periodically in the Republic is in its opinion undesirable; and

(ii) in its opinion, every subsequent edition of that publication or object is likely to be undesirable,

declare every edition of such publication or object to be undesirable.

(*b*) After a declaration referred to in paragraph (*a*) has been made known by notice in the *Gazette*, every subsequent edition of that publication or object shall be deemed to be undesirable until that declaration is withdrawn by a committee and the withdrawal is made known by similar notice.

(2) A committee may, if any edition of any publication or object which is published periodically in the Republic is in terms of a decision of a committee undesirable, prohibit the distribution, except under the authority of a permit issued under section 12 (2), of all subsequent editions of that publication or object, and may at any time withdraw such prohibition: Provided that if a prohibition was imposed and withdrawn under this subsection no further prohibition shall be imposed in respect of the distribution of editions of the publication or object in question, unless after such withdrawal a decision has been given by a committee in terms of which an edition of the publication or object is undesirable.

(3) A committee may prohibit the possession by any person of any publication or object which is in terms of a decision of a committee undesirable.

(4) A committee may prohibit the importation, except on the authority of a permit issued under section 12 (2), of publications or objects which—

(*a*) are published by a specific publisher; or

(*b*) deal with any specific subject,

if that committee is of the opinion that such publications or objects are undesirable or are likely to be undesirable, and may at any time withdraw such prohibition.

(5) The director shall without delay submit a decision imposing a prohibition referred to in subsection (3) to the appeal board, and the appeal board shall confirm or set aside that decision.

(6) By die toepassing van die bepalings van hierdie Wet (maar uitgesonderd die bepalings van artikel 14)—

(*a*) word 'n verklaring deur die raad kragtens artikel 8 (1) (*e*) van die herroepe Wet gedoen, geag 'n verklaring te wees wat deur 'n komitee kragtens subartikel (1) gedoen is;

(*b*) word 'n verbod deur die raad kragtens artikel 8 (1) (*d*) van die herroepe Wet opgelê, geag 'n verbod te wees wat deur 'n komitee kragtens subartikel (4) opgelê is.

Aansoeke om beslissings deur komitees moet aan direktoraat voorgelê word.

**10.** (1) Iemand wat—

(*a*) 'n beslissing van 'n komitee oor die vraag of 'n publikasie of voorwerp na die oordeel van 'n komitee ongewens is, wil verkry;

(*b*) om 'n permit vir die verspreiding van 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp in artikel 8 (1) (*c*) bedoel, aansoek wil doen; of

(*c*) om 'n permit vir die invoer van 'n bepaalde uitgawe van 'n publikasie of voorwerp in artikel 8 (1) (*e*) bedoel, aansoek wil doen,

moet 'n aansoek tesame met die voorgeskrewe bedrag (as daar is) aan die direkteur voorlê.

(2) (*a*) 'n Aansoek in subartikel (1) (*a*) bedoel, moet vergesel gaan van die betrokke publikasie of voorwerp, en 'n aansoek om 'n permit in subartikel (1) (*b*) of (*c*) bedoel, moet vergesel gaan van 'n eksemplaar van die betrokke uitgawe.

(*b*) Indien dit nie doenlik is om 'n publikasie of voorwerp soos deur paragraaf (*a*) vereis, voor te lê nie, moet die aansoeker in sy aansoek die plek vermeld waar daardie publikasie of voorwerp deur 'n komitee ondersoek kan word.

(3) Geen bedrag is kragtens hierdie artikel betaalbaar deur iemand wat 'n publikasie of voorwerp kragtens subartikel (1) voorlê in die vervulling van 'n werksaamheid wat kragtens hierdie Wet, die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), of 'n ander Wet aan hom opgedra is nie.

Direktoraat moet aansoeke en publikasies of voorwerpe aan komitees laat voorlê.

**11.** (1) (*a*) Die direktoraat moet na ontvangs van 'n aansoek kragtens artikel 10 (1), sonder versuim daardie aansoek tesame met die betrokke publikasie of voorwerp of 'n eksemplaar van die betrokke uitgawe (na gelang van die geval) aan 'n komitee vir sy beslissing laat voorlê.

(*b*) Die direktoraat kan, uit eie beweging, enige ander publikasie of voorwerp aan 'n komitee vir sy beslissing laat voorlê.

(2) Die komitee in subartikel (1) bedoel, moet sonder versuim—

(*a*) die publikasie of voorwerp of uitgawe wat kragtens daardie subartikel aan hom voorgelê is, ondersoek;

(*b*) en sonder om iemand aan te hoor, beslis of daardie publikasie of voorwerp of uitgawe na sy oordeel ongewens is; en

(*c*) die direkteur van sy beslissing en van die redes daarvoor verwittig.

Pligte van direkteur betreffende beslissings van komitees.

**12.** (1) Die direkteur moet die persoon wat 'n aansoek kragtens artikel 10 (1) gedoen het van die beslissing van die komitee wat kragtens artikel 11 (2) ten opsigte van daardie aansoek gegee is en, indien deur daardie persoon daartoe versoek, van die redes vir daardie beslissing, verwittig.

(2) Indien 'n komitee, in die geval van 'n aansoek om 'n permit vir die verspreiding van 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp in artikel 8 (1) (*c*) bedoel, of in die geval van 'n aansoek om 'n permit vir die invoer van 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp in artikel 8 (1) (*e*) bedoel, beslis dat die eksemplaar van die betrokke uitgawe aan hom kragtens artikel 11 (1) voorgelê nie ongewens is nie, reik die direkteur sonder versuim

(6) In the application of the provisions of this Act (but except the provisions of section 14)—

(*a*) any declaration made by the board under section 8 (1) (*e*) of the repealed Act, shall be deemed to be a declaration made by a committee under subsection (1);

(*b*) any prohibition imposed by the board under section 8 (1) (*d*) of the repealed Act, shall be deemed to be a prohibition imposed by a committee under subsection (4).

**Applications for decisions by committees to be submitted to directorate.**

**10.** (1) Any person who desires to—

(*a*) obtain a decision of a committee on the question whether a publication or object is undesirable in the opinion of a committee;

(*b*) apply for a permit for the distribution of any edition of a publication or object referred to in section 8 (1) (*c*); or

(*c*) apply for a permit for the importation of a particular edition of a publication or object referred to in section 8 (1) (*e*),

shall submit an application together with the prescribed amount (if any) to the director.

(2) (*a*) An application referred to in subsection (1) (*a*) shall be accompanied by the publication or object in question, and an application for a permit referred to in subsection (1) (*b*) or (*c*) shall be accompanied by a copy of the edition in question.

(*b*) If it is not practicable to submit a publication or object as required by paragraph (*a*), the applicant shall in his application specify the place where that publication or object may be examined by a committee.

(3) No amount shall be payable under this section by any person who submits a publication or object under subsection (1) in the performance of a function entrusted to him under this Act, the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), or any other Act.

**Directorate to cause applications and publications or objects to be submitted to committees.**

**11.** (1) (*a*) After receipt of an application under section 10 (1) the directorate shall without delay cause to be submitted to a committee for its decision, that application together with the publication or object in question, or a copy of the edition in question (as the case may be).

(*b*) The directorate may, of its own accord, cause to be submitted any other publication or object to a committee for its decision.

(2) The committee referred to in subsection (1) shall without delay—

(*a*) examine the publication or object or copy submitted to it under that subsection;

(*b*) and without hearing any person, decide whether that publication or object or edition is undesirable in its opinion; and

(*c*) inform the director of its decision and of the reasons therefor.

**Duties of director relating to decisions of committees.**

**12.** (1) The director shall inform the person who made an application under section 10 (1) of the decision of the committee given in respect of that application under section 11 (2), and if requested thereto by that person, of the reasons for that decision.

(2) If a committee, in the case of an application for a permit for the distribution of an edition of a publication or object referred to in section 8 (1) (*c*), or in the case of an application for a permit for the importation of any edition of a publication or object referred to in section 8 (1) (*e*), decides that the copy of the edition in question submitted to it under section 11 (1), is not undesirable, the director shall without delay issue to the person

'n permit vir die verspreiding of invoer (na gelang van die geval) van die betrokke uitgawe uit aan die persoon wat die aansoek gedoen het.

(3) Die direkteur moet, indien 'n komitee—

(*a*) 'n verklaring kragtens artikel 9 (1) gedoen of ingetrek het;

(*b*) 'n verbod kragtens artikel 9 (2), (3) of (4) opgelê het;

(*c*) 'n verbod kragtens artikel 9 (2) of (4) ingetrek het;

(*d*) 'n beslissing kragtens artikel 11 (2) gegee het waarvolgens 'n publikasie of voorwerp ongewens is (uitgesonderd 'n beslissing gegee ten opsigte van 'n aansoek om 'n permit vir die verspreiding of invoer van 'n bepaalde uitgawe van 'n publikasie of voorwerp in artikel 8 (1) (*c*) of (*e*) bedoel);

(*e*) 'n beslissing kragtens artikel 11 (2) ten opsigte van 'n aansoek om 'n permit vir die verspreiding of invoer van 'n bepaalde uitgawe van 'n publikasie of voorwerp in artikel 8 (1) (*c*) of (*e*) bedoel, gegee het waarvolgens die betrokke uitgawe nie ongewens is nie,

sonder versuim bedoelde verklaring, intrekking, verbod of beslissing by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak: Met dien verstande dat die direkteur nie 'n beslissing wat 'n verbod in artikel 9 (3) bedoel, oplê, aldus bekend maak nie, tensy die appèlraad daardie beslissing bekragtig het.

(4) 'n Kennisgewing in subartikel (3) (*d*) bedoel waarby 'n beslissing in daardie subartikel bedoel, bekend gemaak word, moet die bepaling van artikel 47 (2) op grond waarvan beslis is dat die betrokke publikasie of voorwerp ongewens is, vermeld.

Appèlle teen sekere verklarings, verbiedinge of beslissings van komitees.

**13.** (1) Indien 'n komitee—

(*a*) 'n verklaring kragtens artikel 9 (1) gedoen het;

(*b*) 'n verbod kragtens artikel 9 (2), (3) of (4) opgelê het; of

(*c*) kragtens artikel 11 (2) beslis het dat 'n publikasie of voorwerp of 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp ongewens is,

kan die direktoraat, of iemand op wie se aansoek daardie publikasie of voorwerp of 'n eksemplaar van daardie uitgawe aan die komitee voorgelê is, of iemand wat 'n direkte geldelike belang by die betrokke publikasie of voorwerp of uitgawe het, na die appèlraad appelleer.

(2) (*a*) 'n Appèl kragtens hierdie artikel moet aangeteken word deur by die klerk van die appèlraad 'n kennisgewing van appèl waarin die appèlgronde volledig uiteengesit word, in te dien, en so 'n kennisgewing moet, behalwe in die geval van 'n appèl deur die direktoraat, van die voorgeskrewe bedrag vergesel gaan.

(*b*) 'n Appèl deur die direktoraat moet binne sewe dae vanaf die datum waarop die komitee die direkteur van die betrokke beslissing, verbod of verklaring verwittig het, en 'n appèl deur iemand in subartikel (1) bedoel, moet binne dertig dae vanaf die datum waarop die betrokke verklaring, verbod of beslissing, in die *Staatskoerant* bekend gemaak is, of, indien die betrokke beslissing nie aldus bekend gemaak is nie, binne dertig dae vanaf die datum waarop die persoon wat die betrokke aansoek gedoen het, deur die direkteur van daardie beslissing verwittig is, aangeteken word.

(*c*) Indien die direktoraat kragtens hierdie artikel appelleer, moet die direkteur daardie feit sonder versuim by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.

(3) (*a*) By ontvangs van 'n kennisgewing van appèl kragtens subartikel (1), kan die voorsitter van die appèlraad na goeddunke die betrokke verklaring, verbod of beslissing opskort totdat die appèlraad oor daardie appèl beslis het.

(*b*) Die direkteur moet sonder versuim 'n opskorting kragtens paragraaf (*a*) by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.

who made the application a permit for the distribution or importation (as the case may be) of the edition in question.

(3) The director shall, if a committee—

(*a*) has made or withdrawn a declaration under section 9 (1);

(*b*) has imposed a prohibition under section 9 (2), (3) or (4);

(*c*) has withdrawn a prohibition under section 9 (2) or (4);

(*d*) has given a decision under section 11 (2) in terms of which a publication or object is undesirable (except a decision given in respect of an application for a permit for the distribution or importation of a particular edition of a publication or object referred to in section 8 (1) (*c*) or (*e*));

(*e*) has given a decision under section 11 (2) in respect of an application for a permit for the distribution or importation of a specified edition of a publication or object referred to in section 8 (1) (*c*) or (*e*), in terms of which the edition in question is not undesirable,

without delay make known such declaration, withdrawal, prohibition or decision by notice in the *Gazette*: Provided that the director shall not thus make known a decision imposing a prohibition referred to in section 9 (3) unless the appeal board has confirmed that decision.

(4) A notice referred to in subsection (3) (*d*) whereby a decision referred to in that subsection is made known, shall specify the provision of section 47 (2) by virtue of which it was decided that the publication or object is undesirable.

**Appeals against certain declarations, prohibitions or decisions of committees.**

**13.** (1) If a committee—

(*a*) has made a declaration under section 9 (1);

(*b*) has imposed a prohibition under section 9 (2), (3) or (4); or

(*c*) has decided under section 11 (2) that a publication or object or any edition of a publication or object is undesirable,

the directorate, or any person on whose application that publication or object or edition was submitted to the committee, or any person who has a direct financial interest in the publication or object or edition in question, may appeal to the appeal board.

(2) (*a*) An appeal under this section shall be noted by lodging with the clerk of the appeal board a notice of appeal setting out in full the grounds of appeal, and such notice shall, except in the case of an appeal by the directorate, be accompanied by the prescribed amount.

(*b*) An appeal by the directorate shall be noted within seven days from the date on which the committee informed the director of the decision, prohibition or declaration in question, and an appeal by any person referred to in subsection (1), shall be noted within thirty days from the date on which the declaration, prohibition or decision in question was made known in the *Gazette* or, if the decision in question was not thus made known, within thirty days from the date on which the person who made the application in question was informed by the director of that decision.

(*c*) If the directorate appeals under this section, the director shall without delay make known that fact by notice in the *Gazette*.

(3) (*a*) Upon receipt of a notice of appeal under subsection (1), the chairman of the appeal board may in his discretion suspend the declaration, prohibition or decision in question until the appeal board has determined that appeal.

(*b*) The director shall without delay make known a suspension under paragraph (*a*) by notice in the *Gazette*.

(4) (*a*) Die appèlraad oorweeg nie 'n appèl van die direktoraat kragtens hierdie artikel voor die verstryking van die tydperk waarin 'n persoon in subartikel (1) bedoel teen daardie verklaring, verbod of beslissing kan appelleer nie, tensy so iemand voor die verstryking van daardie tydperk kragtens hierdie artikel teen daardie verklaring, verbod of beslissing appelleer, in watter geval die appèl van so iemand en die appèl van die direktoraat tesame verhoor moet word.

(*b*) Indien die appèlraad 'n appèl kragtens hierdie artikel teen 'n verklaring, verbod of beslissing verhoor het, oorweeg hy nie 'n verdere appèl daarkragtens teen daardie verklaring, verbod of beslissing nie.

(5) Die appèlraad moet—

(*a*) die verklaring, verbod of beslissing wat die onderwerp van 'n appèl kragtens hierdie artikel uitmaak, oorweeg;

(*b*) beslis of die betrokke publikasie of voorwerp of uitgawe na sy oordeel ongewens is; en

(*c*) die betrokke verklaring, verbod of beslissing bekragtig of tersyde stel.

(6) Die direkteur moet sonder versuim die appellant van die beslissing van die appèlraad kragtens subartikel (5) verwittig, en indien die appèlraad die betrokke verklaring, verbod of beslissing tersyde stel, moet die direkteur sonder versuim—

(i) die beslissing van die appèlraad by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak;

(ii) die kennisgewing wat kragtens artikel 12 (3) ten opsigte van die betrokke verklaring, verbod of beslissing gepubliseer is, by kennisgewing in die *Staatskoerant* intrek; en

(iii) indien die beslissing aldus tersyde gestel, betrekking gehad het op 'n aansoek bedoel in artikel 10 (1) (*b*) of (*c*), 'n permit vir die verspreiding of invoer (na gelang van die geval) van die betrokke uitgawe aan die persoon wat daardie aansoek gedoen het, uitreik.

(7) 'n Beslissing van die appèlraad kragtens hierdie artikel word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n beslissing van 'n komitee te wees.

Heroorweging deur appèlraad van beslissings dat publikasies of voorwerpe nie ongewens is nie.

**14.** (1) Indien 'n komitee kragtens artikel 11 (2) beslis het dat 'n publikasie of voorwerp of 'n uitgawe van 'n publikasie of voorwerp nie ongewens is nie—

(*a*) kan die direktoraat binne 'n tydperk van sewe dae vanaf die datum waarop die komitee die direkteur van die beslissing verwittig het, na die appèlraad appelleer deur by die klerk van die appèlraad 'n kennisgewing van appèl waarin die gronde van appèl volledig uiteengesit word, te laat indien;

(*b*) kan die Minister die appèlraad te eniger tyd gelas om daardie beslissing te heroorweeg.

(2) (*a*) By ontvangs van 'n kennisgewing van appèl of lasgewing kragtens subartikel (1), kan die voorsitter van die appèlraad na goeddunke die betrokke beslissing, asook 'n permit wat uit hoofde van daardie beslissing uitgereik is, opskort totdat die appèlraad oor daardie appèl beslis het.

(*b*) Indien die beslissing van 'n komitee wat die onderwerp uitmaak van 'n appèl of lasgewing in subartikel (1) bedoel, kragtens artikel 12 (3) in die *Staatskoerant* bekend gemaak is, en daardie beslissing of 'n permit wat uit hoofde van daardie beslissing uitgereik is, kragtens paragraaf (*a*) opgeskort word, moet die direkteur die opskorting van die beslissing of permit by dergelike kennisgewing bekend maak.

(4) (*a*) The appeal board shall not consider an appeal of the directorate under this section before the expiry of the period within which a person referred to in subsection (1) may appeal against that declaration, prohibition or decision, unless before the expiry of that period any such person appeals under this section against that declaration, prohibition or decision, in which event the appeal of any such person and the appeal of the directorate shall be heard together.

(*b*) If the appeal board has considered an appeal under this section against any declaration, prohibition or decision, it shall not hear any further appeal thereunder against that declaration, prohibition or decision.

(5) The appeal board shall—

(*a*) consider the declaration, prohibition or decision which forms the subject of an appeal under this section;

(*b*) decide whether the publication or object or edition in question is undesirable in its opinion; and

(*c*) confirm or set aside the declaration, prohibition or decision.

(6) The director shall without delay inform the appellant of the decision of the appeal board under subsection (5), and if the appeal board sets aside the declaration, prohibition or decision, the director shall without delay—

(i) make known the decision of the appeal board by notice in the *Gazette*;

(ii) withdraw by notice in the *Gazette* the notice published under section 12 (3) in respect of the declaration, prohibition or decision in question; and

(iii) if the decision so set aside related to an application under section 10 (1) (*b*) or (*c*), issue a permit for the distribution or importation (as the case may be) of the edition in question to the person who made that application.

(7) A decision of the appeal board under this section shall for the purposes of this Act be deemed to be a decision of a committee.

**Reconsideration by appeal board of decisions that publications or objects are not undesirable.**

**14.** (1) If a committee has decided under section 11 (2) that a publication or object or any edition of a publication or object is not undesirable—

(*a*) the directorate may within a period of seven days from the date upon which the committee informed the director of the decision, appeal to the appeal board by causing to be lodged with the clerk of the appeal board a notice of appeal setting out in full the grounds of appeal;

(*b*) the Minister may at any time direct the appeal board to reconsider that decision.

(2) (*a*) Upon receipt of a notice of appeal or direction under subsection (1), the chairman of the appeal board may in his discretion suspend the decision in question, as well as any permit issued by virtue of that decision, until the appeal board has determined that appeal.

(*b*) If the decision of a committee which forms the subject of an appeal or direction referred to in subsection (1), was made known under section 12 (3) in the *Gazette*, and that decision, or a permit issued by virtue of that decision, is suspended under paragraph (*a*), the director shall by like notice make known the suspension of the decision or permit.

(3) (*a*) Indien 'n appèl of lasgewing kragtens subartikel (1) aangeteken of gegee word, moet die direkteur daardie feit by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak en moet hy in daardie kennisgewing 'n tydperk bepaal waarin persone in paragraaf (*b*) bedoel, vertoë tot die appèlraad kan rig.

(*b*) Die persoon op wie se aansoek die betrokke publikasie of voorwerp of 'n eksemplaar van die betrokke uitgawe aan 'n komitee voorgelê is, of iemand wat 'n direkte geldelike belang by daardie publikasie, voorwerp of uitgawe het, kan binne die tydperk bepaal in die kennisgewing in paragraaf (*a*) bedoel, skriftelike vertoë tot die appèlraad rig.

(*c*) Die bepalings van artikel 36 (3) (*a*) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n persoon wat kragtens hierdie subartikel vertoë tot die appèlraad gerig het.

(4) (*a*) Die appèlraad moet 'n beslissing wat die onderwerp uitmaak van 'n appèl of lasgewing in subartikel (1) bedoel, heroorweeg en moet beslis of die publikasie of voorwerp of uitgawe waarop daardie beslissing betrekking het na sy oordeel ongewens is.

(*b*) Indien die appèlraad beslis dat die betrokke publikasie of voorwerp of uitgawe—

(i) nie ongewens is nie, bekragtig hy die betrokke beslissing;

(ii) ongewens is, stel hy die betrokke beslissing tersyde, en indien 'n permit uit hoofde van die beslissing uitgereik is, trek hy daardie permit in.

(5) Die direkteur moet sonder versuim—

(*a*) die Minister (in die geval van 'n lasgewing kragtens subartikel (1)) en iemand wat kragtens subartikel (3) vertoë gerig het, van die beslissing van die appèlraad kragtens hierdie artikel verwittig;

(*b*) 'n beslissing in subartikel (4) (*b*) (ii) bedoel, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.

(6) 'n Permit deur die appèlraad kragtens subartikel (4) ingetrek, word geag ingetrek te wees op die datum waarop die intrekking in die *Staatskoerant* bekend gemaak is.

(7) 'n Beslissing van die appèlraad in subartikel (4) (*b*) (ii) bedoel, word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n beslissing van 'n komitee te wees.

**Hersiening na verloop van twee jaar van beslissings dat publikasies of voorwerpe ongewens is.**

**15.** (1) (*a*) Na verloop van 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum waarop 'n beslissing gegee is dat 'n publikasie of voorwerp ongewens is—

(i) moet die direktoraat op aansoek van enigiemand;

(ii) kan die direktoraat, uit eie beweging,

daardie publikasie of voorwerp aan 'n komitee laat voorlê en moet hy daardie komitee versoek om te beslis of daardie publikasie of voorwerp na sy oordeel ongewens is al dan nie.

(*b*) Die bepalings van artikel 10 is ten opsigte van 'n aansoek in paragraaf (*a*) bedoel van toepassing.

(2) Die komitee in subartikel (1) bedoel, moet—

(*a*) die betrokke publikasie of voorwerp ondersoek;

(*b*) sonder om iemand aan te hoor, beslis of daardie publikasie of voorwerp na sy oordeel ongewens is; en

(*c*) die direkteur van sy beslissing en van die redes daarvoor verwittig.

(3) Die direkteur moet iemand wat 'n aansoek kragtens subartikel (1) gedoen het van die beslissing van die komitee ten opsigte van daardie aansoek verwittig.

(4) (*a*) Indien 'n komitee kragtens subartikel (2) beslis het dat 'n publikasie of voorwerp ongewens is, kan die direktoraat of iemand op wie se aansoek daardie publikasie of voorwerp aan daardie komitee voorgelê is, na die appèlraad appelleer.

(3) (*a*) If an appeal or direction is noted or given under subsection (1), the director shall make known that fact by notice in the *Gazette* and shall in that notice specify a period within which persons referred to in paragraph (*b*) may make representations to the appeal board.

(*b*) The person on whose application the publication or object in question or a copy of the edition in question was submitted to a committee, or any person who has a direct financial interest in the publication or object or edition in question, may within the period specified in the notice referred to in paragraph (*a*), make written representations to the appeal board.

(*c*) The provisions of section 36 (3) (*a*) shall apply *mutatis mutandis* in respect of a person who submitted representations to the appeal board under this subsection.

(4) (*a*) The appeal board shall reconsider a decision which forms the subject of an appeal or a direction referred to in subsection (1), and shall decide whether the publication or object or edition to which such decision relates is undesirable in its opinion.

(*b*) If the appeal board decides that the publication or object or edition in question—

(i) is not undesirable, it shall confirm the decision in question;

(ii) is undesirable, it shall set aside the decision in question and, if a permit was issued in pursuance of such decision, it shall withdraw such permit.

(5) The director shall without delay—

(*a*) inform the Minister (in the case of a direction under subsection (1)) and any person who made representations under subsection (3), of the decision of the appeal board under this section;

(*b*) make known a decision referred to in subsection (4) (*b*) (ii) by notice in the *Gazette*.

(6) A permit withdrawn by the appeal board under subsection (4), shall be deemed to have been withdrawn on the date on which the withdrawal was made known by notice in the *Gazette*.

(7) A decision of the appeal board referred to in subsection (4) (*b*) (ii) shall for the purposes of this Act be deemed to be a decision of a committee.

**Review after lapse of two years of decisions that publications or objects are undesirable.**

**15.** (1) (*a*) After the lapse of a period of two years from the date upon which a decision was given that a publication or object is undesirable—

(i) the directorate shall on the application of any person;

(ii) the directorate may, of its own accord,

cause that publication or object to be submitted to a committee and shall request that committee to decide whether that publication or object is undesirable in its opinion.

(*b*) The provisions of section 10 shall apply in respect of an application referred to in paragraph (*a*).

(2) The committee referred to in subsection (1) shall—

(*a*) examine the publication or object in question;

(*b*) without hearing any person, decide whether or not that publication or object is undesirable in its opinion;

(*c*) inform the director of its decision and of the reasons therefor.

(3) The director shall inform any person who made an application under subsection (1) of the decision of the committee in respect of that application.

(4) (*a*) If a committee has decided under subsection (2) that a publication or object is undesirable, the directorate or any person at whose request that publication or object was submitted to that committee, may appeal to the appeal board.

(*b*) Die bepalings van artikel 13 (2) (*a*) is ten opsigte van 'n appèl kragtens hierdie subartikel van toepassing.

(*c*) Die bepalings van paragrawe (*b*) en (*c*) van artikel 13 (2) is ten opsigte van 'n appèl deur die direktoraat kragtens hierdie subartikel van toepassing.

(*d*) 'n Appèl kragtens hierdie subartikel deur iemand in paragraaf (*a*) bedoel, moet aangeteken word binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop so iemand van die beslissing van die komitee verwittig is.

(5) 'n Appèl deur die direktoraat kragtens subartikel (4) word nie voor die verstryking van 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die komitee die direkteur van die betrokke beslissing verwittig het, verhoor nie, tensy iemand in daardie subartikel bedoel voor die verstryking van daardie tydperk teen daardie beslissing appelleer, in watter geval die appèl van so iemand en die appèl van die direktoraat saam verhoor word.

(6) Die appèlraad moet—

(*a*) die publikasie of voorwerp wat die onderwerp uitmaak van 'n appèl kragtens subartikel (4), ondersoek;

(*b*) beslis of daardie publikasie of voorwerp na sy oordeel ongewens is;

(*c*) indien hy beslis dat daardie publikasie of voorwerp ongewens is, die appèl van die hand wys;

(*d*) indien hy beslis dat die betrokke publikasie of voorwerp nie ongewens is nie, die beslissing in subartikel (1) bedoel wat op daardie publikasie of voorwerp betrekking het, tersyde stel.

(7) Indien die appèlraad 'n beslissing kragtens subartikel (6) (*d*) tersyde stel, moet die direkteur die beslissing van die appèlraad sonder versuim by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.

(8) (*a*) Indien 'n komitee kragtens subartikel (2) beslis het dat 'n publikasie of voorwerp nie ongewens is nie, moet die direkteur sonder versuim die beslissing van die komitee by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.

(*b*) Wanneer die beslissing van 'n komitee kragtens paragraaf (*a*) in die *Staatskoerant* bekend gemaak word, verval die beslissing in subartikel (1) bedoel wat op die betrokke publikasie of voorwerp betrekking het.

(9) (*a*) Die bepalings van artikel 14 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n beslissing in subartikel (8) (*a*) bedoel: Met dien verstande dat indien die voorsitter van die appèlraad kragtens die bepalings van artikel 14 (2) (*a*), soos aldus toegepas, 'n beslissing bedoel in subartikel (8) (*a*) opskort, die beslissing in subartikel (1) bedoel wat ten opsigte van die betrokke publikasie of voorwerp gegee is, gedurende die tydperk van opskorting geag word nie te verval het nie.

(*b*) Indien die appèlraad kragtens die bepalings van artikel 14, soos aldus toegepas, beslis dat die betrokke publikasie of voorwerp—

(i) nie ongewens is nie, bekragtig hy die beslissing bedoel in subartikel (8);

(ii) ongewens is, stel hy daardie beslissing tersyde.

(*c*) Die direkteur moet sonder versuim 'n beslissing van die appèlraad kragtens paragraaf (*b*) (ii) by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.

(10) 'n Beslissing van die appèlraad kragtens hierdie artikel word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n beslissing van 'n komitee te wees.

(11) By die toepassing van subartikel (1) beteken—

(*a*) „beslissing" ook—

(b) The provisions of section 13 (2) (a) shall apply in respect of an appeal under this subsection.

(c) The provisions of paragraphs (b) and (c) of section 13 (2) shall apply in respect of an appeal by the directorate under this subsection.

(d) An appeal under this subsection by a person referred to in paragraph (a), shall be noted within a period of thirty days as from the date upon which such person was informed of the decision of the committee.

(5) An appeal by the directorate under subsection (4) shall not be heard before the expiry of a period of thirty days from the date on which the committee informed the director of the decision in question, unless any person referred to in that subsection appeals against that decision before the expiry of that period, in which event the appeal of such person and the appeal of the directorate shall be heard together.

(6) The appeal board shall—

(a) examine the publication or object which forms the subject of an appeal under subsection (4);

(b) decide whether that publication or object is undesirable in its opinion;

(c) if it decides that such publication or object is undesirable, dismiss the appeal;

(d) if it decides that the publication or object is not undesirable, set aside the decision referred to in subsection (1) which relates to that publication or object.

(7) If the appeal board sets aside a decision under subsection (6) (d), the director shall without delay make known the decision of the appeal board by notice in the *Gazette*.

(8) (a) If a committee has decided under subsection (2) that a publication or object is not undesirable, the director shall without delay make known the decision of the committee by notice in the *Gazette*.

(b) When the decision of a committee is made known in the *Gazette* under paragraph (a), the decision referred to in subsection (1) which relates to the publication or object in question, shall lapse.

(9) (a) The provisions of section 14 shall *mutatis mutandis* apply in respect of a decision referred to in subsection (8) (a): Provided that if the chairman of the appeal board under the provisions of section 14 (2) (a), as so applied, suspends a decision referred to in subsection (8) (a), the decision referred to in subsection (1) which was given in respect of the publication or object shall during the period of the suspension be deemed not to have lapsed.

(b) If the appeal board decides under the provisions of section 14, as so applied, that the publication or object in question—

(i) is not undesirable, it shall confirm the decision referred to in subsection (8);

(ii) is undesirable, it shall set aside that decision.

(c) The director shall without delay make known a decision of the appeal board under paragraph (b) (ii) by notice in the *Gazette*.

(10) A decision of the appeal board under this section shall for the purposes of this Act be deemed to be a decision of a committee.

(11) For the purposes of subsection (1)—

(a) "decision" includes—

(i) 'n verklaring deur die raad kragtens artikel 8 of 8A van die herroepe Wet gedoen (uitgesonderd 'n verklaring kragtens paragraaf (*b*) van gemelde artikel 8);

(ii) 'n beslissing deur die raad kragtens artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), gegee waarvolgens 'n publikasie of voorwerp onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is;

(*b*) „datum", met betrekking tot 'n beslissing, die datum waarop die beslissing by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is.

Direkteur moet lyste van sekere publikasies of voorwerpe in *Staatskoerant* publiseer.

**16.** (1) Die direkteur moet met ingang van 1 Januarie van die jaar wat onmiddellik volg op die jaar waarin hierdie artikel in werking tree—

(*a*) so spoedig doenlik na verloop van elke tydperk van een jaar 'n lys van publikasies of voorwerpe ten opsigte waarvan gedurende die betrokke tydperk kragtens artikel 12 (3) of 14 (5) kennisgewings in die *Staatskoerant* gepubliseer is en wat gedurende die betrokke tydperk nie kragtens hierdie Wet ingetrek is nie, in die *Staatskoerant* publiseer;

(*b*) so spoedig doenlik na verloop van elke tydperk van vyf jaar 'n gekonsolideerde lys van publikasies of voorwerpe ten opsigte waarvan tot dan toe kragtens artikel 12 (3) of 14 (5) kennisgewings in die *Staatskoerant* gepubliseer is, watter kennisgewings tot dan toe nie kragtens hierdie Wet ingetrek is nie, in die *Staatskoerant* publiseer.

(2) 'n Lys van publikasies in subartikel (1) bedoel, word in alfabetiese volgorde volgens die titels van die publikasies of voorwerpe saamgestel en vermeld die nommers en datums van die betrokke *Staatskoerante*.

Bevoegdhede van betreding, ondersoek en beslaglegging.

**17.** (1) Enigiemand wat òf in die algemeen òf in 'n bepaalde geval deur die Minister skriftelik daartoe gemagtig is—

(*a*) kan 'n plek betree—

(i) waarin of waarop daar op redelike gronde vermoed word dat 'n ongewenste publikasie of voorwerp gedruk of gereproduseer word;

(ii) waarin of waarop daar 'n publikasie of voorwerp uitgestal of ten toon gestel word in die openbaar of verkoop of verhuur of te koop of te huur aangebied of te koop of te huur gehou word;

(*b*) kan 'n publikasie of voorwerp wat op redelike gronde vermoed word 'n ongewenste publikasie of voorwerp te wees, ondersoek; en

(*c*) kan die voorgeskrewe besonderhede afneem ten opsigte van 'n publikasie of voorwerp wat bewys skyn te lewer van 'n oortreding van hierdie Wet of kan op 'n eksemplaar van so 'n publikasie of voorwerp beslag lê.

(2) (*a*) Iemand wat kragtens subartikel (1) besonderhede ten opsigte van 'n publikasie of voorwerp afneem, of wat op 'n eksemplaar van 'n publikasie of voorwerp beslag lê, moet daardie besonderhede of eksemplaar tesame met 'n verslag daaroor aan die direkteur voorlê.

(*b*) Iemand wat kragtens subartikel (1) op 'n eksemplaar van 'n publikasie of voorwerp beslag lê, moet aan die persoon onder wie se beheer daardie eksemplaar tydens die beslaglegging was 'n stuk oorhandig waarin die titel van die betrokke publikasie of voorwerp en die feit dat daarop aldus beslag gelê is, vermeld word.

(3) 'n In subartikel (1) bedoelde persoon wat 'n plek bedoel in paragraaf (*a*) van daardie subartikel betree, moet op versoek van

(i) any declaration made by the board under section 8 or 8A of the repealed Act (except a declaration made under paragraph (*b*) of the said section 8);

(ii) any decision given by the board under section 113 (3) of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), in terms of which any publication or object is indecent, obscene or objectionable;

(*b*) "date", in relation to a decision, means the date on which the decision was made known by notice in the *Gazette*.

Director to publish lists of certain publications or objects in the *Gazette*.

**16.** (1) The director shall with effect from 1 January of the year immediately following the year in which this section comes into operation—

(*a*) as soon as possible after the lapse of every period of one year publish in the *Gazette* a list of publications or objects in respect of which notices have during the period in question been published in the *Gazette* under section 12 (3) or 14 (5) and which have during the period in question not been withdrawn under this Act;

(*b*) as soon as possible after the lapse of every period of five years publish in the *Gazette* a consolidated list of publications or objects in respect of which notices have up to that time been published in the *Gazette* under section 12 (3) or 14 (5) and which have during the period in question not been withdrawn under this Act.

(2) A list of publications referred to in subsection (1), shall be compiled in alphabetical order according to the titles of the publications or objects and shall specify the numbers and dates of the *Gazettes* in question.

Powers of entry, examination and seizure.

**17.** (1) Any person either generally or specially authorized thereto by the Minister in writing—

(*a*) may enter upon any place—

(i) in or upon which it is upon reasonable grounds suspected that any undesirable publication or object is printed or reproduced;

(ii) in or upon which any publication or object is displayed or exhibited in public or is sold or hired out or is offered or kept for sale or hire;

(*b*) may examine any publication or object suspected upon reasonable grounds of being an undesirable publication or object; and

(*c*) may take down the prescribed particulars in respect of a publication or object appearing to afford evidence of a contravention of this Act or may seize a copy of such publication or object.

(2) (*a*) Any person who under subsection (1) takes down particulars in respect of a publication or object, or who seizes a copy of a publication or object, shall submit those particulars or copy together with a report thereon to the director.

(*b*) Any person who under subsection (1) seizes any copy of a publication or object shall deliver to the person under whose control such copy was at the time of such seizure a document stating the title of the publication or object in question and the fact that it was thus seized.

(3) A person referred to in subsection (1) who enters upon any place referred to in paragraph (*a*) of that subsection, shall

die persoon wat in beheer van daardie plek is, die magtiging wat kragtens subartikel (1) aan hom uitgereik is, toon.

(4) Die Minister kan te eniger tyd 'n magtiging wat kragtens hierdie artikel uitgereik is, intrek.

(5) Iemand wat 'n persoon wat kragtens subartikel (1) gemagtig is, in die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens daardie subartikel hinder of belemmer, is aan 'n misdryf skuldig.

Pligte van uitgewers.

**18.** (1) 'n Uitgewer moet toesien dat sy naam en sakeadres volledig en juis in een van die amptelike tale van die Republiek op 'n opsigtelike plek op of in elke eksemplaar van elke publikasie wat hy uitgee, gedruk word.

(2) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing ten opsigte van—

(*a*) 'n publikasie wat as nuusblad kragtens die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971 (Wet No. 63 van 1971), geregistreer is nie;

(*b*) 'n uitgewer wat lid is van die Persunie van Suid-Afrika en wat geen ander publikasie as 'n koerant uitgee nie.

(3) Iemand wat versuim om aan die bepalings van hierdie artikel te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

## HOOFSTUK III

### ROLPRENTE

Verbod op vertoning of uitgee van rolprente wat nie goedgekeur is nie.

**19.** (1) Niemand mag—

(*a*) 'n rolprent wat bestem is om in die openbaar vertoon te word, aan enigiemand vertoon nie;

(*b*) 'n rolprent in die openbaar vertoon nie;

(*c*) 'n rolprent uitgee nie,

tensy sodanige rolprent deur 'n komitee goedgekeur is.

(2) Die bepalings van subartikel (1) (*a*) word nie so uitgelê dat dit die vertoning van 'n rolprent—

(i) aan iemand in die loop van sy besigheid as verspreider of vertoner van rolprente of aan die verteenwoordiger van so 'n verspreider of vertoner handelende vir die doeleindes van sodanige besigheid;

(ii) aan iemand wat met die vervaardiging van daardie rolprent gemoeid is,

belet nie.

(3) Die direktoraat kan na goeddunke en op die voorwaardes wat hy goedvind om op te lê, òf by permit in die voorgeskrewe vorm òf by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n bepaalde rolprent of 'n bepaalde kategorie van rolprente of 'n rolprent wat bestem is vir vertoning aan 'n bepaalde kategorie van persone of onder bepaalde omstandighede, van die bepalings van subartikel (1) vrystel, en kan 'n vrystelling kragtens hierdie subartikel verleen, te eniger tyd na goeddunke intrek: Met dien verstande dat indien bedoelde vrystelling by kennisgewing in die *Staatskoerant* verleen is, die direkteur die intrekking van daardie vrystelling by dergelike kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend moet maak.

(4) 'n Rolprent wat deur die raad kragtens die herroepe Wet goedgekeur of afgekeur is en 'n voorwaarde wat deur die raad kragtens die herroepe Wet ten opsigte van 'n rolprent opgelê is, word, behalwe by die toepassing van artikels 23 en 24 van hierdie Wet, geag deur 'n komitee kragtens hierdie Wet goedgekeur, afgekeur of opgelê te wees.

(5) 'n Vrystelling deur die raad kragtens artikel 9 (2) van die herroepe Wet verleen, word geag deur die direktoraat kragtens subartikel (3) verleen te wees.

(6) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Aansoeke om goedkeuring van rolprente.

**20.** (1) Iemand wat om goedkeuring van 'n rolprent kragtens hierdie Wet aansoek doen, lê 'n aansoek om goedkeuring in die voorgeskrewe vorm tesame met die voorgeskrewe bedrag op die voorgeskrewe wyse aan die direkteur voor.

at the request of the person in control of that place, exhibit the authority issued to him under subsection (1).

(4) The Minister may at any time withdraw any authority issued under this section.

(5) Any person who hinders or obstructs any person authorized under subsection (1) in the exercise of his powers under that subsection, shall be guilty of an offence.

Duties of publishers.

**18.** (1) A publisher shall ensure that his name and business address are printed fully and correctly in either of the official languages of the Republic in a conspicuous place upon or in every copy of every publication published by him.

(2) The provisions of this section shall not apply in respect of—

(*a*) any publication registered as a newspaper under the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971 (Act No. 63 of 1971);

(*b*) any publisher who is a member of the Newspaper Press Union of South Africa and who does not publish any publication other than a newspaper.

(3) Any person who fails to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence.

## CHAPTER III

### FILMS

Prohibition of exhibition or publication of films which have not been approved.

**19.** (1) No person shall—

(*a*) exhibit to any person any film intended to be exhibited in public;

(*b*) exhibit any film in public;

(*c*) publish any film,

unless such film has been approved by a committee.

(2) The provisions of subsection (1) (*a*) shall not be construed so as to prohibit the exhibition of any film—

(i) to any person in the course of his business as a distributor or an exhibitor of films, or to the representative of such distributor or exhibitor acting for the purposes of such business;

(ii) to any person concerned in the making of that film.

(3) The directorate may in its discretion and on such conditions as it may deem fit to impose, either by permit in the prescribed form or by notice in the *Gazette* exempt from the provisions of subsection (1) any particular film or any particular class of films or any film intended for exhibition to a particular category of persons or under any particular circumstances, and may in its discretion at any time withdraw any exemption granted under this subsection: Provided that if such exemption was granted by notice in the *Gazette*, the director shall by like notice make known the withdrawal of that exemption.

(4) Any film approved or rejected by the board under the repealed Act and any condition imposed in respect of a film by the board under the repealed Act, shall, except for the purposes of sections 23 and 24 of this Act, be deemed to have been approved, rejected or imposed by a committee under this Act.

(5) Any exemption granted by the board under section 9 (2) of the repealed Act shall be deemed to have been granted by the directorate under subsection (3).

(6) Any person who contravenes any provision of subsection (1) shall be guilty of an offence.

Applications for approval of films.

**20.** (1) Any person who applies for approval of any film under this Act, shall submit an application for approval in the prescribed form together with the prescribed amount to the director in the prescribed manner.

(2) 'n Rolprent waarop 'n aansoek in subartikel (1) bedoel betrekking het, moet tesame met daardie aansoek aan die direkteur voorgelê word, tensy daardie rolprent een is wat kragtens artikel 28 (1) of (2) aan die direkteur gestuur is, in watter geval daardie feit in die aansoek vermeld moet word.

(3) Die direktoraat moet 'n aansoek in subartikel (1) bedoel aan 'n komitee laat voorlê.

Ondersoek van en beslissing oor rolprente deur komitees.

**21.** (1) Indien 'n aansoek om die goedkeuring van 'n rolprent kragtens artikel 20 aan 'n komitee voorgelê word, moet daardie komitee die rolprent waarop die aansoek betrekking het, ondersoek.

(2) Iemand wat om die goedkeuring van 'n rolprent aansoek doen, moet op eie koste reëlings tref om daardie rolprent aan die komitee in subartikel (1) bedoel, te vertoon op die dag en tyd wat die direkteur na oorlegpleging met so iemand bepaal.

(3) 'n Komitee in subartikel (1) bedoel, kan die betrokke rolprent onvoorwaardelik goed- of afkeur, of kan daardie rolprent goedkeur op voorwaarde dat daardie rolprent—

(*a*) nie vertoon mag word nie aan—

(i) kinders in die ouderdomsgroep van vier tot twaalf jaar, tensy hulle vergesel word deur persone wat agtien jaar oud of ouer is;

(ii) kinders in die ouderdomsgroep van vier tot agtien jaar;

(iii) persone in 'n ander ouderdomsgroep deur die komitee bepaal;

(iv) persone in 'n ander kategorie deur die komitee bepaal;

(*b*) slegs met weglating van 'n bepaalde deel of dele vertoon mag word; of

(*c*) slegs op bepaalde plekke vertoon mag word.

(4) (*a*) Indien gedurende die ondersoek van 'n rolprent 'n vraag ontstaan in verband met die vertoning van daardie rolprent aan Kleurlinge of Indiërs, moet die betrokke komitee daardie vraag na die Kleurling-advieskomitee of die Indiëradvieskomitee (na gelang van die geval) vir advies verwys.

(*b*) Indien 'n komitee 'n vraag kragtens paragraaf (*a*) verwys het, moet—

(i) die betrokke advieskomitee sy advies binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop daardie vraag aldus verwys is, aan daardie komitee voorlê; en

(ii) daardie komitee aan die advies van die advieskomitee gevolg gee, en moet hy te dien einde, indien nodig, enige van die in subartikel (3) bedoelde voorwaardes oplê.

(5) (*a*) 'n Komitee wat 'n rolprent kragtens hierdie artikel ondersoek het, stuur sy beslissing tesame met die redes daarvoor aan die direkteur.

(*b*) Die direkteur verwittig die persoon wat kragtens artikel 20 om goedkeuring van bedoelde rolprent aansoek gedoen het van die beslissing van die komitee en, indien hy versoek word om dit te doen, van die redes vir die beslissing.

(*c*) Indien die komitee daardie rolprent goedgekeur het, moet die direkteur aan die persoon wat kragtens artikel 20 om goedkeuring van daardie rolprent aansoek gegedoen het 'n sertifikaat van goedkeuring uitreik.

(*d*) Indien die komitee 'n rolprent onderworpe aan die oplegging van voorwaardes goedgekeur het, moet daardie voorwaardes in die sertifikaat van goedkeuring vermeld word.

Sertifikaat van goedkeuring.

**22.** Die goedkeuring van 'n rolprent kragtens hierdie Wet word bekend gemaak deur middel van 'n sertifikaat wat deur die direkteur op die voorgeskrewe vorm en wyse verstrek word.

(2) A film to which an application under subsection (1) relates, shall be submitted to the director together with that application, unless that film is one which was sent to the director under section 28 (1) or (2), in which event that fact shall be stated in the application.

(3) The directorate shall cause an application referred to in subsection (1) to be submitted to a committee.

Examination of and decision on films by committees.

**21.** (1) If an application for the approval of a film is submitted to a committee under section 20, that committee shall examine the film to which the application relates.

(2) Any person who applies for the approval of any film, shall at his own expense make arrangements to exhibit that film to the committee referred to in subsection (1), on such day and at such time as the director may after consultation with such person determine.

(3) A committee referred to in subsection (1) may approve or reject the film in question unconditionally, or may approve that film on condition that such film—

(*a*) shall not be exhibited to—

(i) children in the age group of four to twelve years, unless they are accompanied by persons who are eighteen years of age or older;

(ii) children in the age group of four to eighteen years;

(iii) persons in any other age group specified by the committee;

(iv) persons in any other category specified by the committee;

(*b*) shall be exhibited only after a specified portion or portions have been excised; or

(*c*) shall be exhibited at specified places only.

(4) (*a*) If during the examination of any film any question arises in connection with the exhibition of that film to Coloured persons or Indians, the committee concerned shall refer that question to the Coloured advisory committee or the Indian advisory committee (as the case may be) for advice.

(*b*) If a committee has referred a question under paragraph (*a*)—

(i) the advisory committee concerned shall submit its advice to that committee within a period of thirty days from the date on which that question was so referred; and

(ii) that committee shall give effect to the advice of the advisory committee and shall for that purpose, if necessary, impose any of the conditions referred to in subsection (3).

(5) (*a*) A committee which examined a film under this section, shall send its decision together with the reasons therefor to the director.

(*b*) The director shall inform the person who applied for the approval of such film under section 20, of the decision of the committee and, if he is requested to do so, of the reasons for that decision.

(*c*) If the committee has approved such film, the director shall issue to the person who under section 20 applied for the approval of that film a certificate of approval.

(*d*) If the committee has approved a film subject to the imposition of conditions, such conditions shall be stated in the certificate of approval.

Certificate of approval.

**22.** The approval of a film under this Act shall be made known by means of a certificate furnished by the director in the form and manner prescribed.

Appèl na appèlraad teen afkeuring of voorwaardes van goedkeuring van rolprente.

**23.** (1) Indien 'n komitee 'n rolprent afkeur, of 'n rolprent onderworpe aan die oplegging van voorwaardes goedkeur, kan die direktoraat of die persoon wat om die goedkeuring van daardie rolprent kragtens artikel 20 aansoek gedoen het, teen die afkeuring of die oplegging van 'n voorwaarde na die appèlraad appelleer.

(2) 'n Appèl deur die direktoraat moet binne 'n tydperk van sewe dae vanaf die datum waarop die komitee die direkteur van die betrokke beslissing verwittig het, en 'n appèl deur iemand in subartikel (1) bedoel, moet binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die direkteur so iemand van die beslissing van die komitee verwittig het, aangeteken word.

(3) 'n Appèl kragtens hierdie artikel word aangeteken deur by die klerk van die appèlraad 'n kennisgewing van appèl waarin die gronde van appèl volledig uiteengesit word, in te dien of te laat indien, en so 'n kennisgewing gaan, behalwe in die geval van 'n appèl deur die direktoraat, van die voorgeskrewe bedrag vergesel.

(4) Die appèlraad oorweeg nie 'n appèl van die direktoraat kragtens subartikel (1) teen die afkeuring van 'n rolprent of die oplegging van 'n voorwaarde nie voor die verstryking van 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die direkteur die persoon in subartikel (1) bedoel van die beslissing van die komitee verwittig het, tensy daardie persoon teen die afkeuring van daardie rolprent of 'n voorwaarde wat ten opsigte van die goedkeuring daarvan opgelê is, appelleer, in watter geval die appèlle van die direktoraat en bedoelde ander persoon tesame verhoor moet word.

(5) Die appèlraad kan die beslissing van 'n komitee wat die onderwerp van 'n appèl kragtens hierdie artikel is, bekragtig, of kan—

(i) in die geval van 'n appèl teen die afkeuring van 'n rolprent, die beslissing van die komitee tersyde stel en die rolprent goedkeur, òf onvoorwaardelik òf onderworpe aan die oplegging van enige van die voorwaardes in artikel 21 (3) bedoel;

(ii) in die geval van 'n appèl teen die oplegging van 'n voorwaarde, daardie voorwaarde skrap.

(6) Die direkteur moet sonder versuim 'n persoon wat kragtens subartikel (1) geappelleer het, en, in die geval van 'n appèl deur die direktoraat, die persoon wat kragtens artikel 20 (1) om goedkeuring van die betrokke rolprent aansoek gedoen het, van die beslissing van die appèlraad verwittig.

(7) Indien die appèlraad enige van die voorwaardes onderworpe waaraan 'n rolprent goedgekeur is, kragtens subartikel (5) skrap, moet die direkteur die sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van daardie rolprent uitgereik is, vervang deur 'n sertifikaat wat in ooreenstemming is met die beslissing van die appèlraad.

(8) 'n Beslissing van die appèlraad kragtens hierdie artikel word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n beslissing van die betrokke komitee te wees.

Heroorweging van beslissings van komitees waarkragtens rolprente goedgekeur is.

**24.** (1) Indien 'n komitee 'n rolprent goedkeur—

(*a*) kan die direktoraat binne 'n tydperk van sewe dae vanaf die datum waarop die direkteur van die betrokke beslissing verwittig is, teen daardie beslissing na die appèlraad appelleer deur by die klerk van die appèlraad 'n kennisgewing van appèl waarin die appèlgronde volledig uiteengesit word, te laat indien;

(*b*) kan die Minister die appèlraad te eniger tyd gelas om die betrokke beslissing te heroorweeg.

(2) (*a*) Indien 'n appèl of lasgewing kragtens subartikel (1) aangeteken of gegee word, moet die direkteur die persoon wat daardie rolprent kragtens artikel 20 (1) voorgelê het by skriftelike kennisgewing van daardie feit verwittig,

Appeal to appeal board against rejection or conditions of approval of films.

**23.** (1) If a committee rejects a film, or approves a film subject to the imposition of conditions, the directorate or the person who applied for the approval of that film under section 20, may appeal to the appeal board against the rejection or the imposition of any condition.

(2) An appeal by the directorate shall be noted within a period of seven days from the date on which the committee informed the director of the decision in question, and an appeal by any person referred to in subsection (1) shall be noted within a period of thirty days from the date on which the director informed such person of the decision of the committee.

(3) An appeal under this section shall be noted by lodging with or causing to be lodged with the clerk of the appeal board a notice of appeal stating in full the grounds of appeal, and such notice shall, except in the case of an appeal by the directorate, be accompanied by the prescribed amount.

(4) The appeal board shall not consider an appeal by the directorate against the rejection of a film or the imposition of a condition, before the expiry of a period of thirty days from the date upon which the director informed the person referred to in subsection (1) of the decision of the committee, unless that person appeals against the rejection of that film or any condition imposed in respect of the approval thereof, in which case the appeals of the directorate and such other person shall be heard together.

(5) The appeal board may confirm the decision of a committee which forms the subject of an appeal under this section, or may—

(i) in the case of an appeal against the rejection of a film, set aside the decision of the committee and approve the film, either unconditionally or subject to any of the conditions referred to in section 21 (3);

(ii) in the case of an appeal against the imposition of any condition, delete that condition.

(6) The director shall without delay inform a person who appealed under subsection (1) and, in the case of an appeal by the directorate, the person who under section 20 (1) applied for the approval of the film in question, of the decision of the appeal board.

(7) If the appeal board under subsection (5) deletes any of the conditions subject to which a film was approved, the director shall replace the certificate of approval issued in respect of such film by a certificate of approval which is in accordance with the decision of the appeal board.

(8) A decision of the appeal board under this section, shall for the purposes of this Act be deemed to be a decision of the committee concerned.

Reconsideration of decisions of committees in terms of which films have been approved.

**24.** (1) If a committee approves a film—

(*a*) the directorate may, within a period of seven days from the date upon which the director was informed of the decision in question, appeal to the appeal board against that decision, by causing to be lodged with the clerk of the appeal board a notice of appeal stating in full the grounds of appeal;

(*b*) the Minister may at any time direct the appeal board to reconsider the decision in question.

(2) (*a*) If an appeal or direction is noted or given under subsection (1), the director shall by notice in writing inform the person who submitted the film in question under section 20 (1) of that fact, shall make known

moet hy daardie feit by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak en moet hy in daardie kennisgewing 'n tydperk bepaal waarin persone in paragraaf (*b*) vermeld, vertoë tot die appèlraad kan rig.

(*b*) Die persoon wat die betrokke rolprent kragtens artikel 20 (1) voorgelê het of enigiemand wat 'n direkte geldelike belang by daardie rolprent het, kan binne die tydperk in paragraaf (*a*) bedoel, skriftelike vertoë tot die appèlraad rig.

(*c*) Die bepalings van artikel 36 (3) (*a*) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n persoon wat kragtens hierdie subartikel vertoë tot die appèlraad gerig het.

(3) (*a*) Die appèlraad moet die beslissing van die komitee ten opsigte van die betrokke rolprent heroorweeg en moet daardie beslissing bekragtig, wysig of tersyde stel.

(*b*) Die direkteur moet die Minister (in die geval van 'n lasgewing kragtens subartikel (1)), en iemand wat kragtens subartikel (2) vertoë gerig het, van die beslissing van die appèlraad kragtens paragraaf (*a*), en van die redes vir daardie beslissing verwittig.

(4) Indien die appèlraad die komitee se goedkeuring van die betrokke rolprent tersyde stel of enige van die voorwaardes onderworpe waaraan die rolprent goedgekeur is, wysig of vervang, moet die direkteur sonder versuim die beslissing van die appèlraad by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend maak.

(5) Wanneer 'n in subartikel (4) bedoelde kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer word, verval die sertifikaat van goedkeuring ten opsigte van die betrokke rolprent uitgereik, asook enige afskrif van so 'n sertifikaat kragtens hierdie Wet uitgereik.

(6) Indien die appèlraad enige van die voorwaardes onderworpe waaraan 'n rolprent goedgekeur is, wysig of vervang, reik die direkteur op aansoek van—

(*a*) die persoon aan wie die sertifikaat van goedkeuring van daardie rolprent uitgereik is, aan daardie persoon 'n sertifikaat van goedkeuring uit waarin bedoelde voorwaardes soos deur die appèlraad kragtens subartikel (4) gewysig of vervang, vermeld word;

(*b*) iemand aan wie 'n afskrif van 'n in subartikel (5) bedoelde sertifikaat van goedkeuring uitgereik is, aan hom 'n afskrif uit van die sertifikaat wat kragtens paragraaf (*a*) uitgereik is.

(7) (*a*) Indien 'n appèl of lasgewing kragtens subartikel (1) aangeteken of gegee is, kan die direkteur iemand wat die rolprent wat die onderwerp van daardie lasgewing of appèl is, in sy besit het, skriftelik versoek om daardie rolprent binne die tydperk in sodanige versoek vermeld, aan die direkteur voor te lê.

(*b*) Die direkteur moet by voltooiing van die appèlraad se werksaamhede kragtens hierdie artikel, die betrokke rolprent aan die in subartikel (*a*) bedoelde persoon laat terugbesorg.

(8) 'n Beslissing van die appèlraad kragtens hierdie artikel word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n beslissing van die betrokke komitee te wees.

(9) Iemand wat versuim om aan 'n versoek kragtens subartikel (7) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Hersiening van sekere beslissings oor rolprente na verloop van twee jaar.

**25.** (1) Na verloop van 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum waarop 'n beslissing kragtens hierdie Wet gegee is waarkragtens 'n rolprent afgekeur is of voorwaardelik goedgekeur is, kan enigiemand—

(*a*) in die geval van 'n rolprent wat afgekeur is, om goedkeuring van daardie rolprent kragtens hierdie Wet aansoek doen;

that fact by notice in the *Gazette* and shall specify in that notice a period within which persons referred to in paragraph (*b*) may make representations to the appeal board.

(*b*) The person who submitted the film in question under subsection 20 (1), or any person who has a direct financial interest in that film, may within the period referred to in paragraph (*a*) submit written representations to the appeal board.

(*c*) The provisions of section 36 (3) (*a*) shall apply *mutatis mutandis* in respect of a person who submitted representations to the appeal board under this subsection.

(3) (*a*) The appeal board shall reconsider the decision of the committee in respect of the film in question and shall confirm, vary or set aside that decision.

(*b*) The director shall inform the Minister (in the case of a direction under subsection (1)), and any person who made representations under subsection (2), of the decision of the appeal board under paragraph (*a*), and of the reasons for that decision.

(4) If the appeal board sets aside the committee's approval of the film in question, or varies or replaces any of the conditions subject to which the film was approved, the director shall without delay make known the decision of the appeal board by notice in the *Gazette*.

(5) When a notice referred to in subsection (4) is published in the *Gazette*, the certificate of approval issued in respect of the film in question, as well as any copy of such certificate issued under this Act, shall lapse.

(6) If the appeal board varies or replaces any of the conditions subject to which a film was approved, the director shall, on the application of—

(*a*) the person to whom the certificate of approval referred to in subsection (5) was issued, issue to that person a certificate of approval specifying such conditions as varied or replaced by the appeal board under subsection (4);

(*b*) any person to whom a copy of the certificate of approval referred to in subsection (5) was issued, issue to that person a copy of the certificate issued under paragraph (*a*).

(7) (*a*) If an appeal or direction was noted or given under subsection (1), the director may in writing request any person who has in his possession the film which is the subject of that appeal or direction, to submit that film to the director within the period specified in such request.

(*b*) The director shall on completion of the appeal board's functions under this section cause such film to be returned to the person referred to in paragraph (*a*).

(8) A decision of the appeal board under this section shall for the purposes of this Act be deemed to be a decision of the committee concerned.

(9) Any person who fails to comply with a request under subsection (7), shall be guilty of an offence.

**25.** (1) After the lapse of a period of two years from the date on which a decision was given under this Act in terms of which any film was rejected or was conditionally approved, any person may— Review of certain decisions on films after lapse of two years.

(*a*) in the case of a film which was rejected, apply for the approval of that film under this Act;

(*b*) in die geval van 'n rolprent wat onderworpe aan die oplegging van voorwaardes goedgekeur is, om 'n wysiging of skrapping van 'n voorwaarde of voorwaardes aansoek doen.

(2) (*a*) Die bepalings van artikels 20 en 21 is van toepassing ten opsigte van 'n aansoek vermeld in subartikel (1) (*a*) en ten opsigte van die rolprent waarop so 'n aansoek betrekking het.

(*b*) Die bepalings van artikels 23 en 24 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die beslissing van die komitee betreffende 'n aansoek in paragraaf (*a*) bedoel.

(3) Indien die komitee wat 'n in subartikel (1) (*a*) bedoelde aansoek oorweeg, die betrokke rolprent goedkeur, en daardie rolprent een is ten opsigte waarvan 'n kennisgewing kragtens artikel 24 in die *Staatskoerant* gepubliseer is, moet die direkteur die beslissing van die komitee kragtens hierdie artikel by dergelike kennisgewing bekend maak.

(4) 'n Aansoek in subartikel (1) (*b*) vermeld, word tesame met die voorgeskrewe bedrag, die betrokke rolprent en die sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van daardie rolprent uitgereik is, aan die direkteur voorgelê.

(5) (*a*) Die direkteur lê 'n in subartikel (1) (*b*) bedoelde aansoek aan 'n komitee voor, en daardie komitee moet daardie aansoek oorweeg en moet die aansoek afwys of toestaan.

(*b*) Indien die komitee 'n aansoek in paragraaf (*a*) bedoel, toegestaan het, moet die direkteur aan die persoon wat daardie aansoek gedoen het 'n sertifikaat van goedkeuring uitreik wat in ooreenstemming met die beslissing van die komitee moet wees.

(6) Die direkteur moet die persoon wat 'n aansoek kragtens hierdie artikel gedoen het, van die beslissing van die komitee verwittig, en indien die komitee die betrokke aansoek afgewys het of die betrokke rolprent onderworpe aan die oplegging van voorwaardes goedgekeur het, moet die direkteur daardie persoon van die redes vir daardie beslissing verwittig, indien daardie persoon hom versoek om dit te doen.

(7) 'n Beslissing van 'n komitee kragtens hierdie artikel neem die plek in van die beslissing wat die onderwerp was van 'n aansoek kragtens hierdie artikel.

(8) Die bepalings van artikels 23 en 24 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n beslissing wat kragtens subartikel (5) (*a*) gegee is: Met dien verstande dat vir die doeleindes van die toepassing van sodanige bepalings daar geag word dat 'n komitee—

(*a*) 'n rolprent kragtens daardie subartikel voorwaardelik goedgekeur het indien daardie komitee na aanleiding van 'n aansoek kragtens hierdie artikel een of meer van die voorwaardes onderworpe waaraan die betrokke rolprent tevore goedgekeur is, maar nie al sodanige voorwaardes nie, geskrap het;

(*b*) 'n rolprent kragtens daardie subartikel onvoorwaardelik goedgekeur het indien daardie komitee na aanleiding van 'n aansoek kragtens hierdie artikel alle voorwaardes onderworpe waaraan die betrokke rolprent tevore goedgekeur is, geskrap het.

(9) By die toepassing van subartikel (1) beteken—

(*a*) „beslissing"—

(i) 'n beslissing deur 'n komitee gegee;

(ii) 'n beslissing deur die raad kragtens artikel 9 of 9A van die herroepe Wet gegee;

(iii) 'n beslissing kragtens artikel 11 (2) van die herroepe Wet gegee;

(*b*) „datum", met betrekking tot 'n beslissing—

(i) in die geval van 'n beslissing kragtens artikel 24 (4) gegee, die datum waarop daardie beslissing by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend gemaak is; en

(*b*) in the case of a film which was approved subject to the imposition of conditions, apply for a variation or deletion of any condition or conditions.

(2) (*a*) The provisions of sections 20 and 21 shall apply in respect of an application referred to in subsection (1) (*a*) and in respect of the film to which such application relates.

(*b*) The provisions of sections 23 and 24 shall *mutatis mutandis* apply in respect of the decision of the committee relating to an application referred to in paragraph (*a*).

(3) If the committee considering an application referred to in subsection (1) (*a*) approves the film in question, and that film is one in respect of which a notice was published in the *Gazette* under section 24, the director shall by like notice make known the decision of the committee under this section.

(4) An application referred to in subsection (1) (*b*), shall be submitted to the director together with the prescribed amount, the film in question and the certificate of approval issued in respect of that film.

(5) (*a*) The director shall submit an application referred to in subsection (1) (*b*) to a committee, and that committee shall consider that application and refuse or grant the application.

(*b*) If the committee has granted an application referred to in paragraph (*a*), the director shall issue to the person who made that application a certificate of approval which shall be in accordance with the decision of the committee.

(6) The director shall inform the person who made an application under this section of the decision of the committee and, if the committee has refused the application in question or has approved the film in question subject to the imposition of conditions, the director shall inform that person of the reasons for that decision, if that person requests him to do so.

(7) A decision of a committee under this section shall take the place of the decision which was the subject of an application under this section.

(8) The provisions of sections 23 and 24 shall *mutatis mutandis* apply in respect of a decision given under subsection (5) (*a*): Provided that for the purposes of the application of such provisions it shall be deemed that a committee—

(*a*) has under that subsection conditionally approved a film if that committee has in pursuance of an application under this section deleted one or more of the conditions subject to which the film in question was previously approved, but not all such conditions;

(*b*) has under that subsection unconditionally approved a film if that committee has in pursuance of an application under this section deleted all the conditions subject to which the film in question was previously approved.

(9) For the purposes of subsection (1)—

(*a*) "decision" means—

(i) any decision given by a committee;

(ii) any decision given by the board under section 9 or 9A of the repealed Act;

(iii) any decision given under section 11 (2) of the repealed Act;

(*b*) "date", in relation to a decision—

(i) in the case of a decision given under section 24 (4), means the date on which that decision was made known by notice in the *Gazette*; and

(ii) in die geval van 'n ander beslissing, die datum waarop die betrokke aansoeker, of die persoon wat die betrokke vertoë gerig het, van daardie beslissing verwittig is.

Verbode rolprente.

**26.** (1) 'n Komitee keur nie 'n rolprent goed wat volgens sy oordeel ongewens is nie.

(2) Die appèlraad keur nie 'n rolprent goed wat volgens sy oordeel ongewens is nie.

Verbod op verrigting van sekere handelinge met betrekking tot sekere rolprente.

**27.** (1) Niemand mag—

(*a*) indien 'n rolprent kragtens hierdie Wet goedgekeur is onderworpe aan 'n voorwaarde dat 'n deel of dele daarvan weggelaat moet word—

(i) 'n advertensie van daardie rolprent vertoon of uitgee nie as daardie advertensie 'n verwysing bevat na die deel of dele wat weggelaat is of moet word, ofskoon die vertoning of uitgee van daardie advertensie tevore goedgekeur is;

(ii) daardie rolprent met weglating van bedoelde deel of dele vertoon of uitgee nie, tensy daardie rolprent daarna weer aan die betrokke komitee vir goedkeuring voorgelê is: Met dien verstande dat 'n komitee wat 'n rolprent goedkeur, na goeddunke die uitgee of vertoning van daardie rolprent na weglating van die betrokke deel of dele sonder verdere ondersoek kan magtig;

(*b*) sonder magtiging van die direktoraat 'n rolprent wat, nadat dit kragtens hierdie Wet goedgekeur is, verander of gewysig is, vertoon of uitgee nie;

(*c*) 'n rolprent in stryd met 'n voorwaarde wat kragtens hierdie Wet ten opsigte van die vertoning daarvan opgelê is, vertoon nie;

(*d*) 'n rolprent wat kragtens hierdie Wet goedgekeur is, vertoon sonder om op die voorgeskrewe wyse die goedkeuring van daardie rolprent kragtens hierdie Wet bekend te maak nie;

(*e*) indien 'n rolprent kragtens hierdie Wet goedgekeur is onderworpe aan 'n voorwaarde dat daardie rolprent nie aan persone in 'n bepaalde ouderdomsgroep of ander kategorie vertoon mag word nie, daardie rolprent aan iemand in die betrokke ouderdomsgroep of kategorie vir vertoning beskikbaar stel nie;

(*f*) 'n rolprent wat kragtens hierdie Wet afgekeur is, of 'n afdruk van so 'n rolprent, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die direktoraat invoer nie.

(2) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) Dit is voldoende verweer teen 'n aanklag dat 'n rolprent wat kragtens hierdie Wet goedgekeur is onderworpe aan 'n voorwaarde dat daardie rolprent nie aan persone wat in 'n bepaalde ouderdomsgroep val, vertoon mag word nie, aan iemand in daardie ouderdomsgroep vertoon of vir vertoning beskikbaar gestel is, indien bewys word dat die beskuldigde op redelike gronde geglo het dat so iemand tydens die pleging van die ten laste gelegde daad nie in sodanige ouderdomsgroep geval het nie.

Sekere rolprente moet aan direkteur gestuur word.

**28.** (1) Die Sekretaris van Doeane en Aksyns oorhandig nie 'n rolprent wat vir vertoning in die openbaar bestem is of 'n afdruk van so 'n rolprent en wat ingevoer word aan die invoerder nie, maar moet dit aan die direkteur deurstuur by die adres of adresse wat die direkteur bepaal.

(2) Iemand wat 'n rolprent vervaardig wat vir vertoning in die openbaar bestem is, moet daardie rolprent by voltooiing daarvan tesame met alle afdrukke daarvan aan die direkteur by die adres of adresse wat die direkteur bepaal, stuur.

(3) Iemand deur die direkteur aangewys—

(ii) in the case of any other decision, means the date on which the applicant concerned, or the person who made the representations in question, was informed of that decision.

**Prohibited films.**

**26.** (1) A committee shall not approve a film which is in its opinion undesirable.

(2) The appeal board shall not approve a film which is in its opinion undesirable.

**Performance of certain acts in relation to films prohibited.**

**27.** (1) No person shall—

(*a*) if a film has been approved under this Act subject to a condition that any portion or portions thereof shall be excised—

(i) exhibit or publish any advertisement of that film if that advertisement contains a reference to the portion or portions excised or to be excised, notwithstanding that the exhibition or publication of such advertisement has been previously approved;

(ii) exhibit or publish that film after the excision of the said portion or portions unless that film has thereafter been resubmitted to the committee concerned for approval: Provided that a committee which approves a film may in its discretion authorize the publication or exhibition of that film after excision of the portion or portions in question without further examination;

(*b*) without the authorization of the directorate exhibit or publish any film which, after being approved under this Act, has been altered or modified;

(*c*) exhibit any film in conflict with any condition which has been imposed under this Act in respect of the exhibition thereof;

(*d*) exhibit any film which has been approved under this Act, without making known in the prescribed manner the approval of that film under this Act;

(*e*) if any film has been approved under this Act subject to a condition that such film shall not be exhibited to persons in a specified age group or other category, make that film available to any person in the age group or category in question for exhibition;

(*f*) except under the authority of a permit issued by the directorate, import any film which has been rejected under this Act, or any copy of such film;

(2) Any person who contravenes any provision of subsection (1) shall be guilty of an offence.

(3) It shall be a sufficient defence to any charge that any film which was approved under this Act subject to a condition that such film shall not be exhibited to persons falling within a specified age group, was exhibited to or was made available to any person within that age group for exhibition, if it is proved that the accused believed upon reasonable grounds that such person did not at the time of the commission of the act charged fall within such age group.

**Certain films to be sent to director.**

**28.** (1) The Secretary for Customs and Excise shall not deliver any film intended for exhibition in public or any copy of such film and which is imported, to the importer, but shall transmit it to the director at such address or addresses as the director may determine.

(2) Any person who makes any film which is intended for exhibition in public shall on completion thereof send such film together with all copies thereof to the director at such address or addresses as the director may determine.

(3) A person designated by the director—

(*a*) moet 'n rolprent in subartikel (1) of (2) bedoel in sy bewaring neem en hou;

(*b*) moet toesig hou wanneer so 'n rolprent aan die komitee wat daardie rolprent kragtens artikel 21 (2) ondersoek, vertoon word;

(*c*) moet, indien sodanige rolprent deur 'n komitee goedgekeur word onderworpe aan 'n voorwaarde dat daardie rolprent slegs na weglating van 'n bepaalde deel of dele vertoon mag word, die betrokke deel of dele uit daardie rolprent verwyder, of moet toesig hou wanneer die betrokke deel of dele deur werknemers van die betrokke invoerder of vervaardiger verwyder word;

(*d*) moet oor 'n deel of dele wat kragtens paragraaf (*c*) uit 'n rolprent verwyder is, beskik op die wyse wat die direkteur gelas;

(*e*) moet, nadat ten opsigte van 'n rolprent aan die bepalings van paragraaf (*c*) voldoen is, daardie rolprent aan die betrokke invoerder of vervaardiger oorhandig.

(4) Indien 'n rolprent aan die direkteur kragtens die bepalings van subartikel (1) oorhandig is, moet die direkteur die invoerder van bedoelde rolprent toelaat om daardie rolprent onder toesig van iemand deur die direkteur aangewys, te besigtig.

(5) Die direktoraat kan na ontvangs van 'n aansoek in die voorgeskrewe vorm, na goeddunke en op die voorwaardes wat hy goedvind, iemand wat die besigheid van vertoner, verspreider of vervaardiger van rolprente bedryf, òf in die algemeen òf ten opsigte van 'n bepaalde kategorie van rolprente van die bepalings van hierdie artikel vrystel, en kan sodanige vrystelling te eniger tyd intrek.

(6) Indien 'n aansoek om die goedkeuring van 'n rolprent kragtens artikel 20 (2) aan die direktoraat voorgelê word, en die betrokke rolprent een is wat kragtens subartikel (1) of (2) aan die direkteur voorgelê is, moet die direkteur daardie rolprent saam met die betrokke aansoek aan 'n komitee voorlê.

(7) Iemand wat die bepalings van subartikel (2) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

**Registrasie van persone wat besigheid van vervaardiger of verspreider van rolprente bedryf.**

**29.** (1) Vanaf 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, mag niemand die besigheid van 'n vervaardiger of verspreider van rolprente bedryf nie, tensy sodanige persoon kragtens hierdie artikel geregistreer is.

(2) Iemand wat om registrasie kragtens subartikel (1) aansoek doen, moet 'n aansoek in die voorgeskrewe vorm wat die voorgeskrewe besonderhede bevat aan die direkteur voorlê.

(3) By ontvangs van 'n aansoek in subartikel (2) bedoel, moet die direkteur die aansoeker kragtens hierdie artikel registreer en moet hy 'n registrasiesertifikaat op die voorgeskrewe vorm aan die aansoeker uitreik.

(4) (*a*) Wanneer 'n verandering plaasvind met betrekking tot 'n besonderheid wat deur iemand wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, verstrek is in die aansoek om registrasie in subartikel (2) bedoel, moet die betrokke persoon binne veertien dae na die datum waarop die verandering plaasgevind het, die direkteur skriftelik van die verandering in kennis stel.

(*b*) By ontvangs van 'n kennisgewing kragtens paragraaf (*a*) moet die direkteur die besonderhede wat hy ten opsigte van die betrokke persoon hou, passend wysig.

(5) Iemand wat kragtens hierdie artikel geregistreer is, moet sy naam en sakeadres volledig en juis op die houer of houers wat 'n rolprent of 'n afdruk van 'n rolprent wat deur hom versprei word, bevat, in een van die amptelike tale van die Republiek laat aanbring.

(6) Die direkteur moet op versoek van iemand wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet ondersoek, 'n gesertifiseerde afskrif van 'n registrasiesertifikaat in subartikel (3) bedoel, aan so iemand verstrek.

(*a*) shall take into and retain in his custody any film referred to in subsection (1) or (2);

(*b*) shall supervise when such film is exhibited to the committee examining that film under section 21 (2);

(*c*) shall, if such film is approved by a committee subject to a condition that such film shall be exhibited only after a specified portion or portions have been excised, remove the portion or portions in question from that film, or shall supervise when the portion or portions in question are removed by the employees of the importer or maker concerned;

(*d*) shall dispose of any portion or portions removed from a film under paragraph (*c*), in the manner determined by the director;

(*e*) shall, after the provisions of paragraph (*c*) have been complied with in respect of any film, deliver such film to the importer or maker in question.

(4) If a film was delivered to the director under the provisions of subsection (1), the director shall permit the importer of such film to view such film under the supervision of any person designated by the director.

(5) The directorate, may after receipt of an application in the prescribed form, in its discretion and on such conditions as it may deem fit, exempt from the provisions of this section any person conducting the business of exhibitor, distributor or maker of films, either generally or in respect of a certain class of films, and may at any time withdraw such exemption.

(6) If an application for the approval of a film is submitted to the directorate under section 20 (2), and the film in question is one which has been submitted to the director under subsection (1) or (2), the director shall submit that film together with the application in question to a committee.

(7) Any person who contravenes the provisions of subsection (2) shall be guilty of an offence.

**Registration of persons conducting business of maker or distributor of films.**

**29.** (1) As from a date determined by the State President by proclamation in the *Gazette*, no person shall conduct the business of maker or distributor of films unless such person has been registered under this section.

(2) Any person who applies for registration under subsection (1), shall submit an application in the prescribed form which contains the prescribed particulars to the director.

(3) Upon receipt of an application referred to in subsection (2), the director shall register the applicant under this section and shall issue to the applicant a registration certificate in the prescribed form.

(4) (*a*) Whenever a change occurs in regard to any of the particulars furnished by any person registered under this section in the application for registration referred to in subsection (2), the person concerned shall within fourteen days after the day on which the change occurred, notify the director in writing of the change.

(*b*) Upon receipt of a notification under paragraph (*a*), the director shall alter appropriately the particulars maintained by him in respect of the person concerned.

(5) Any person registered under this section, shall cause to be effected upon the holder or holders containing any film or any copy of a film distributed by him, his name and business address in either of the official languages of the Republic.

(6) The director shall at the request of any person investigating an offence under this Act, furnish such person with a certified copy of a registration certificate referred to in subsection (3).

(7) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen, of wat vir die doeleindes van hierdie artikel 'n valse verklaring aflê of valse besonderhede verstrek, is aan 'n misdryf skuldig.

## HOOFSTUK IV

### OPENBARE VERMAAKLIKHEDE

Komitee kan hou van sekere openbare vermaaklikhede verbied of voorwaardes oplê.

**30.** (1) (*a*) Die direktoraat kan te eniger tyd 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid onder die aandag van 'n komitee bring.

(*b*) Die direkteur moet, indien deur die Minister daartoe gelas, 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid onder die aandag van 'n komitee bring.

(2) 'n Komitee moet met betrekking tot 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid wat kragtens subartikel (1) onder sy aandag gebring word, die ondersoek instel wat hy nodig ag, en moet beslis—

(i) of die hou van daardie vermaaklikheid of 'n gedeelte daarvan na sy oordeel ongewens is of sal wees;

(ii) of daar na sy oordeel enige van die in subartikel (5) vermelde voorwaardes opgelê behoort te word.

(3) Indien 'n komitee kragtens subartikel (1) beslis dat die hou van die betrokke openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid nie ongewens is of sal wees nie, of dat geen voorwaardes met betrekking tot die hou van daardie vermaaklikheid opgelê behoort te word nie, moet hy die direkteur dienooreenkomstig verwittig.

(4) (*a*) Indien 'n komitee kragtens subartikel (2) beslis—

(i) dat die hou van 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid of 'n gedeelte daarvan ongewens is of sal wees; of

(ii) dat die in subartikel (5) bedoelde voorwaardes of een of meer daarvan opgelê behoort te word,

moet daardie komitee, in ooreenstemming met sy beslissing, die hou van daardie vermaaklikheid of die betrokke gedeelte daarvan verbied of moet hy sodanige voorwaarde of voorwaardes ten opsigte van die hou daarvan oplê, en moet hy die direkteur van sy beslissing, en die redes vir daardie beslissing, verwittig.

(*b*) Die direkteur moet by skriftelike of telegrafiese kennisgewing gerig aan die persoon wat in beheer is, of na vermoede van die direkteur in beheer is, van die vermaaklikheid in paragraaf (*a*) bedoel, sodanige persoon verwittig van 'n verbod of voorwaarde wat kragtens daardie paragraaf opgelê is en, indien deur daardie persoon daartoe versoek, ook van die redes vir daardie verbod of voorwaarde.

(5) Die voorwaardes wat kragtens subartikel (2) opgelê kan word, kan vereis dat persone in 'n bepaalde kategorie nie toegelaat mag word om die betrokke vermaaklikheid by te woon nie of dat daardie vermaaklikheid nie op 'n bepaalde plek of plekke gehou mag word nie.

Appèl teen verbod op hou van openbare vermaaklikheid of voorwaarde ten opsigte van hou daarvan opgelê.

**31.** (1) Indien 'n komitee kragtens artikel 30 (4) die hou van 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid of 'n bepaalde gedeelte daarvan verbied het, of enige voorwaarde of voorwaardes ten opsigte van die hou daarvan opgelê het, kan die direktoraat of persoon wat in beheer is van daardie vermaaklikheid of iemand wat 'n direkte geldelike belang by daardie vermaaklikheid het, teen die oplegging van daardie verbod of enige voorwaarde na die appèlraad appelleer.

(2) 'n Appèl deur die direktoraat kragtens subartikel (1) moet binne 'n tydperk van sewe dae vanaf die datum waarop die komitee die direkteur van die betrokke beslissing verwittig het,

(7) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this section, or who makes a false statement or gives false particulars for the purposes of this section, shall be guilty of an offence.

## CHAPTER IV

### PUBLIC ENTERTAINMENTS

Committee may prohibit giving of certain public entertainments or may impose conditions.

**30.** (1) (*a*) The directorate may at any time bring any public entertainment or intended public entertainment to the notice of a committee.

(*b*) The director shall, when directed by the Minister to do so, bring any public entertainment or intended public entertainment to the notice of a committee.

(2) A committee shall in relation to any public entertainment or intended public entertainment brought to its notice under subsection (1), make such enquiries as it may deem necessary, and shall decide—

(i) whether the giving of that entertainment or any part thereof is or will be undesirable in its opinion;

(ii) whether in its opinion any of the conditions referred to in subsection (5) should be imposed.

(3) If a committee decides under subsection (1) that the giving of the public entertainment or intended public entertainment in question is not or will not be undesirable, or that no conditions should be imposed in respect of the giving of that entertainment, it shall inform the director accordingly.

(4) (*a*) If a committee decides under subsection (2)—

(i) that the giving of any public entertainment or intended public entertainment or any part thereof is or will be undesirable; or

(ii) that the conditions referred to in subsection (5) or one or more thereof should be imposed,

that committee shall, in accordance with its decision, prohibit the giving of that entertainment or the part thereof in question or shall impose such condition or conditions in respect of the giving thereof, and shall inform the director of its decision and the reasons for that decision.

(*b*) The director shall by notice in writing or by telegraph addressed to the person who is, or is believed by the director to be, in charge of the entertainment referred to in paragraph (*a*), inform such person of a prohibition or condition imposed under that paragraph and, if requested by that person to do so, of the reasons for that prohibition or condition also.

(5) The conditions which may be imposed under subsection (2), may require that persons in a specified category shall not be permitted to attend the entertainment in question or that such entertainment shall not be given at a specified place or places.

Appeal against prohibition of giving of public entertainment or condition imposed in respect of giving thereof.

**31.** (1) If a committee has under section 30 (4) prohibited the giving of any public entertainment or intended public entertainment or any specified part thereof, or has imposed any condition or conditions in respect of the giving thereof, the directorate or person who is in charge of that entertainment or any person who has a direct financial interest in that entertainment, may appeal to the appeal board against the imposition of that prohibition or any condition.

(2) An appeal by the directorate under subsection (1) shall be noted within a period of seven days from the date on which the committee has informed the director of the decision in

en 'n appèl deur die persoon in subartikel (1) bedoel, moet binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die direkteur so iemand van die betrokke beslissing verwittig het, aangeteken word.

(3) 'n Appèl kragtens hierdie artikel word aangeteken deur by die klerk van die appèlraad 'n kennisgewing van appèl waarin die appèlgronde volledig uiteengesit word, in te dien of te laat indien, en so 'n kennisgewing gaan, behalwe in die geval van 'n appèl deur die direktoraat, van die voorgeskrewe bedrag vergesel.

(4) (*a*) By ontvangs van 'n kennisgewing van appèl kragtens subartikel (3) kan die voorsitter van die appèlraad die beslissing wat die onderwerp van die betrokke appèl is, opskort totdat die appèlraad oor daardie appèl beslis het.

(*b*) Die direkteur moet sonder versuim die persoon wat in beheer van die betrokke vermaaklikheid is, skriftelik verwittig van 'n opskorting kragtens paragraaf (*a*).

(5) 'n Appèl deur die direktoraat kragtens subartikel (1) word nie deur die appèlraad verhoor nie voor die verstryking van 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die direkteur die persoon wat in beheer is van die betrokke vermaaklikheid van die betrokke beslissing verwittig het, tensy daardie persoon voor die verstryking van daardie tydperk teen daardie beslissing appelleer, in watter geval die appèl van die direktoraat en die appèl van daardie persoon tesame verhoor word.

(6) Die appèlraad moet die beslissing wat die onderwerp van enige appèl of appèlle kragtens hierdie artikel is, oorweeg en moet daardie beslissing bekragtig of tersyde stel.

(7) Die direkteur moet die persoon wat 'n appèl kragtens hierdie artikel aangeteken het, skriftelik van die beslissing van die appèlraad verwittig.

(8) 'n Beslissing van die appèlraad kragtens hierdie artikel word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n beslissing van 'n komitee te wees.

Heroorweging van beslissing van komitee dat openbare vermaaklikheid nie ongewens is of sal wees nie.

**32.** (1) Indien 'n komitee kragtens artikel 30 (2) beslis het dat die hou van 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid nie ongewens is of sal wees nie—

(*a*) kan die direktoraat binne 'n tydperk van sewe dae vanaf die datum waarop die direkteur van daardie beslissing verwittig is, na die appèlraad appelleer deur by die klerk van die appèlraad 'n kennisgewing waarin die appèlgronde volledig uiteengesit word, te laat indien;

(*b*) kan die Minister die appèlraad te eniger tyd gelas om daardie beslissing te heroorweeg.

(2) (*a*) Indien 'n appèl of lasgewing kragtens subartikel (1) aangeteken of gegee word, moet die direkteur die persoon wat in beheer van daardie vermaaklikheid is, of iemand wat 'n direkte geldelike belang by daardie vermaaklikheid het, versoek om vertoë wat hy wil rig, binne 'n tydperk deur die direkteur bepaal skriftelik aan die appèlraad voor te lê.

(*b*) Die bepalings van artikel 36 (3) (*a*) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van iemand wat kragtens hierdie subartikel vertoë aan die appèlraad voorgelê het.

(3) (*a*) Indien die appèlraad na oorweging van die beslissing van die komitee van oordeel is dat die hou van die betrokke vermaaklikheid of 'n gedeelte daarvan ongewens is of sal wees, of dat die in artikel 30 (5) bedoelde voorwaardes, of een of meer daarvan, opgelê behoort te word, moet die appèlraad die betrokke beslissing tersyde stel en in ooreenstemming met sy beslissing die hou van die betrokke vermaaklikheid of

question, and an appeal by a person referred to in subsection (1) shall be noted within a period of thirty days from the date on which the director informed such person of the decision in question.

(3) An appeal under this section shall be noted by lodging or causing to be lodged with the clerk of the appeal board a notice of appeal stating in full the grounds of appeal, and such notice shall, except in the case of an appeal by the directorate, be accompanied by the prescribed amount.

(4) (*a*) Upon receipt of a notice of appeal under subsection (3) the chairman of the appeal board may suspend the decision which is the subject of the appeal in question until the appeal board has determined that appeal.

(*b*) The director shall without delay notify the person who is in charge of the entertainment in question in writing of any suspension under paragraph (*a*).

(5) An appeal by the directorate under subsection (1) shall not be heard by the appeal board before the expiration of a period of thirty days from the date on which the director informed the person who is in charge of the entertainment in question of the decision concerned, unless that person appeals against that decision before the expiration of that period, in which case the appeal of the directorate and the appeal of that person shall be heard together.

(6) The appeal board shall consider the decision which is the subject of any appeal or appeals under this section and shall confirm or set aside that decision.

(7) The director shall inform the person who noted an appeal under this section, in writing of the decision of the appeal board.

(8) A decision of the appeal board under this section shall for the purposes of this Act be deemed to be a decision of a committee.

**Reconsideration of decision of committee that public entertainment is or will not be undesirable.**

**32.** (1) If a committee has under section 30 (2) decided that the giving of any public entertainment or intended public entertainment is not or will not be undesirable—

(*a*) the directorate may within a period of seven days from the date upon which the director was informed of that decision, appeal to the appeal board by causing to be lodged with the clerk of the appeal board a notice of appeal stating in full the grounds of appeal;

(*b*) the Minister may at any time direct the appeal board to reconsider that decision.

(2) (*a*) If an appeal or a direction is noted or given under subsection (1), the director shall request the person who is in charge of that entertainment, or any person who has a direct financial interest in that entertainment, to submit to the appeal board in writing any representations he may wish to make, within a period determined by the director.

(*b*) The provisions of section 36 (3) (*a*) shall *mutatis mutandis* apply in respect of a person who submitted representations to the appeal board under this subsection.

(3) (*a*) If the appeal board after consideration of the decision of the committee is of the opinion that the giving of the entertainment in question or any part thereof is or will be undesirable, or that the conditions referred to in section 30 (5), or one or more thereof, should be imposed, the appeal board shall set aside the decision in question and shall in accordance with its decision prohibit the giving of the entertainment in question,

gedeelte daarvan verbied, of die betrokke voorwaarde of voorwaardes ten opsigte van die hou van daardie vermaaklikheid oplê.

(*b*) Die direkteur moet by skriftelike of telegrafiese kennisgewing gerig aan die persoon wat in beheer is, of na vermoede van die direkteur in beheer is, van 'n vermaaklikheid in paragraaf (*a*) bedoel, sodanige persoon verwittig van 'n verbod of voorwaarde wat kragtens daardie paragraaf opgelê is.

(4) 'n Beslissing van die appèlraad kragtens hierdie artikel word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n beslissing van 'n komitee te wees.

Hersiening van sekere beslissings oor sekere openbare vermaaklikhede na verloop van twee jaar.

**33.** (1) (*a*) Enigiemand kan na verloop van 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum waarop 'n beslissing gegee is uit hoofde waarvan—

(i) die hou van 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid of 'n gedeelte van so 'n vermaaklikheid verbied is;

(ii) 'n voorwaarde ten opsigte van die hou van so 'n vermaaklikheid opgelê is,

op die voorgeskrewe wyse en teen betaling van die voorgeskrewe bedrag 'n aansoek om die intrekking van daardie verbod of voorwaarde aan die direkteur voorlê.

(*b*) Die direktoraat moet 'n aansoek in paragraaf (*a*) bedoel, aan 'n komitee laat voorlê.

(2) Die komitee in subartikel (1) bedoel, moet in die geval van 'n aansoek om die intrekking van 'n verbod beslis—

(*a*) of die hou van die betrokke vermaaklikheid of die betrokke gedeelte daarvan ongewens sal wees; en

(*b*) of daar enige van die in subartikel 30 (5) bedoelde voorwaardes ten opsigte van die hou van die betrokke vermaaklikheid of die betrokke gedeelte daarvan opgelê behoort te word.

(3) Die komitee in subartikel (1) bedoel, moet in ooreenstemming met sy beslissing kragtens subartikel (2)—

(*a*) die aansoek van die hand wys; of

(*b*) die betrokke verbod ophef; of

(*c*) die betrokke verbod ophef en ten opsigte van die hou van die betrokke vermaaklikheid, of die betrokke gedeelte daarvan, enige van die voorwaardes in artikel 30 (5) bedoel, oplê.

(4) Die komitee in subartikel (1) bedoel, moet in die geval van 'n aansoek in paragraaf (*a*) (ii) van daardie subartikel bedoel, beslis of die hou van die betrokke openbare vermaaklikheid sonder voldoening aan die betrokke voorwaarde ongewens sal wees.

(5) Die komitee in subartikel (1) bedoel, moet in ooreenstemming met sy beslissing kragtens subartikel (4)—

(*a*) die betrokke aansoek afwys; of

(*b*) die betrokke voorwaarde skrap.

(6) Die direkteur moet iemand wat 'n aansoek kragtens subartikel (1) gedoen het, skriftelik van die beslissing van die komitee verwittig.

(7) (*a*) Die bepalings van artikel 31 (uitgesonderd dié van subartikel (4) van daardie artikel) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n beslissing bedoel in paragraaf (*a*) of (*c*) van subartikel (3) van hierdie artikel, of in paragraaf (*a*) van subartikel (5) van hierdie artikel.

(*b*) Indien die appèlraad kragtens die bepalings van artikel 31, soos aldus toegepas, beslis dat die hou van die betrokke vermaaklikheid, of die hou van die betrokke vermaaklikheid sonder voldoening aan die betrokke voorwaarde (na gelang van die geval)—

(i) ongewens sal wees, wys hy die betrokke appèl van die hand;

or the part thereof, or shall impose the condition or conditions in question in respect of the giving of that entertainment.

(*b*) The director shall by notice in writing or by telegraph addressed to the person who is, or is believed by the director to be, in charge of any entertainment referred to in paragraph (*a*), inform such person of a prohibition or condition imposed under that paragraph.

(4) A decision of the appeal board under this section shall for the purposes of this Act be deemed to be a decision of a committee.

**Review of certain decisions on certain public entertainments after lapse of two years.**

**33.** (1) (*a*) Any person may after the lapse of a period of two years from the date on which a decision was given by virtue of which—

(i) the giving of any public entertainment or intended public entertainment or any part of such entertainment was prohibited;

(ii) any condition was imposed in respect of the giving of such entertainment,

in the prescribed manner and on payment of the prescribed amount submit to the director an application for the withdrawal of that prohibition or condition.

(*b*) The directorate shall cause an application referred to in paragraph (*a*) to be submitted to a committee.

(2) The committee referred to in subsection (1) shall in the case of an application for the withdrawal of a prohibition decide—

(*a*) whether the giving of the entertainment or the part thereof in question will be undesirable; and

(*b*) whether any of the conditions referred to in section 30 (5) should be imposed in respect of the giving of the public entertainment in question or the part thereof in question.

(3) The committee referred to in subsection (1) shall in accordance with its decision under subsection (2)—

(*a*) refuse the application; or

(*b*) withdraw the prohibition in question; or

(*c*) withdraw the prohibition in question and impose in respect of the giving of the public entertainment, or the part thereof in question, any of the conditions referred to in section 30 (5).

(4) The committee referred to in subsection (1) shall in the case of an application referred to in paragraph (*a*) (ii) of that subsection, decide whether the giving of the entertainment in question without compliance with the condition in question will be undesirable.

(5) The committee referred to in subsection (1) shall in accordance with its decision under subsection (4)—

(*a*) refuse the application in question; or

(*b*) delete the condition in question.

(6) The director shall in writing inform any person who made an application under subsection (1) of the decision of the committee.

(7) (*a*) The provisions of section 31 (except those of subsection (4) of that section) shall *mutatis mutandis* apply in respect of a decision referred to in paragraph (*a*) or (*c*) of subsection (3) of this section, or in paragraph (*a*) of subsection (5) of this section.

(*b*) If the appeal board decides under the provisions of section 31, as so applied, that the giving of the public entertainment in question, or the giving of the public entertainment in question without compliance with the condition in question (as the case may be)—

(i) will be undesirable, it shall refuse the appeal in question;

(ii) nie ongewens sal wees nie, stel hy die beslissing in subartikel (1) van hierdie artikel bedoel wat ten opsigte van die betrokke vermaaklikheid gegee is, tersyde.

(8) (*a*) Die bepalings van artikel 32 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n beslissing kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (3) van hierdie artikel.

(*b*) By ontvangs van 'n appèl of lasgewing kragtens artikel 32 (1), soos aldus toegepas, kan die voorsitter van die appèlraad die beslissing in paragraaf (*b*) van subartikel (3) van hierdie artikel bedoel, opskort.

(*c*) Die direkteur moet sonder versuim die persoon wat in beheer van die betrokke vermaaklikheid is skriftelik verwittig van 'n opskorting kragtens paragraaf (*b*).

(*d*) Indien die appèlraad kragtens die bepalings van artikel 32, soos aldus toegepas—

(i) beslis dat die hou van die betrokke vermaaklikheid nie ongewens is of sal wees nie, bekragtig hy die beslissing in paragraaf (*b*) van subartikel (3) van hierdie artikel bedoel;

(ii) beslis dat die hou van die betrokke vermaaklikheid of 'n gedeelte daarvan ongewens is of sal wees of dat die in artikel 30 (5) bedoelde voorwaardes of een of meer daarvan ten opsigte van die hou van die betrokke vermaaklikheid opgelê behoort te word, moet hy, in ooreenstemming met sy beslissing, die hou van die betrokke vermaaklikheid of gedeelte daarvan verbied, of moet hy sodanige voorwaarde of voorwaardes ten opsigte van die hou daarvan oplê.

(9) By die toepassing van subartikel (1) beteken—

(i) „beslissing"—

(*a*) 'n beslissing deur 'n komitee gegee;

(*b*) 'n beslissing deur die raad kragtens artikel 12 of 12A van die herroepe Wet gegee;

(ii) „datum", met betrekking tot 'n beslissing—

(*a*) in die geval van 'n beslissing kragtens artikel 30 (4) of 32 (3) van hierdie Wet, of kragtens artikel 12 (1) van die herroepe Wet, die datum waarop die betrokke beslissing aan die betrokke persoon oorhandig of gestuur is;

(*b*) in die geval van 'n beslissing kragtens artikel 31 (6), of kragtens subartikel (3) of (5) van hierdie artikel, of kragtens artikel 12A (3) van die herroepe Wet, die datum waarop die betrokke persoon van die beslissing verwittig is.

**Verbod op hou van sekere openbare vermaaklikhede.**

**34.** (1) Iemand wat in stryd met 'n verbod of voorwaarde kragtens artikel 30, 31, 32 of 33 opgelê, 'n openbare vermaaklikheid hou of die hou daarvan toelaat, is aan 'n misdryf skuldig, tensy bewys word dat hy nie van daardie verbod of voorwaarde geweet het nie en daar nie redelikerwys van hom verwag kan word om dit te wete te gekom het nie.

(2) Dit is 'n voldoende verweer teen 'n aanklag dat iemand wat in 'n bepaalde ouderdomsgroep geval het, toegelaat is om 'n openbare vermaaklikheid by te woon in stryd met 'n voorwaarde kragtens artikel 30, 31, 32 of 33 ten opsigte van bedoelde openbare vermaaklikheid opgelê, indien bewys word dat die beskuldigde op redelike gronde geglo het dat so iemand tydens die pleging van die ten laste gelegde daad nie in sodanige ouderdomsgroep geval het nie.

(3) 'n Verbod of voorwaarde kragtens artikel 12 of 12A van die herroepe Wet opgelê, word by die toepassing van subartikel (1) geag 'n verbod of voorwaarde te wees wat kragtens artikel 30 van hierdie Wet opgelê is.

(ii) will not be undesirable, it shall set aside the decision referred to in subsection (1) of this section which was given in respect of the entertainment in question.

(8) (*a*) The provisions of section 32 shall *mutatis mutandis* apply in respect of a decision under paragraph (*b*) of subsection (3) of this section.

(*b*) Upon receipt of an appeal or direction under section 32 (1), as so applied, the chairman of the appeal board may suspend the decision referred to in paragraph (*b*) of subsection (3) of this section.

(*c*) The director shall without delay in writing inform the person who is in charge of the entertainment in question of a suspension under paragraph (*b*).

(*d*) If the appeal board under the provisions of section 32, as so applied—

(i) decides that the giving of the entertainment in question is not or will not be undesirable, it shall confirm the decision referred to in paragraph (*b*) of subsection (3) of this section;

(ii) decides that the giving of the public entertainment in question or any part thereof is or will be undesirable or that the conditions referred to in section 30 (5) or any one or more thereof should be imposed in respect of the giving of the entertainment in question, it shall, in accordance with its decision, prohibit the entertainment or part thereof in question or shall impose such condition or conditions in respect of the giving thereof.

(9) For the purposes of subsection (1)—

(i) "decision" means—

(*a*) a decision given by a committee;

(*b*) a decision given by the board under section 12 or 12A of the repealed Act;

(ii) "date", in relation to a decision—

(*a*) in the case of a decision under section 30 (4) or 32 (3) of this Act, or under section 12 (1) of the repealed Act, means the date on which the decision in question was delivered or sent to the person in question;

(*b*) in the case of a decision under section 31 (6), or under subsection (3) or (5) of this section, or under section 12A (3) of the repealed Act, means the date on which the person concerned was informed of the decision.

Giving of certain public entertainments prohibited.

**34.** (1) Any person who gives or permits the giving of any public entertainment in conflict with any prohibition or condition imposed under section 30, 31, 32 or 33, shall be guilty of an offence, unless it is proved that he was unaware of such prohibition or condition and could not reasonably be expected to have become aware thereof.

(2) It shall be a sufficient defence to any charge that any person who fell within a specified age group was permitted to attend any public entertainment in conflict with any condition imposed under section 30, 31, 32 or 33 in respect of such public entertainment, if it is proved that the accused believed on reasonable grounds that such person did not at the time of the commission of the act charged fall within such age group.

(3) Any prohibition or condition imposed under section 12 or 12A of the repealed Act, shall for the purposes of subsection (1) be deemed to be a prohibition or condition imposed under section 30 of this Act.

## HOOFSTUK V

### APPÈLRAAD OOR PUBLIKASIES

Appèlraad oor Publikasies.

**35.** (1) So dikwels as wat dit nodig is, word 'n appèlraad wat die Appèlraad oor Publikasies heet, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) saamgestel om die werksaamhede te verrig wat kragtens hierdie Wet aan die appèlraad opgedra word.

(2) (*a*) Die appèlraad bestaan uit minstens drie lede, van wie—

(i) die voorsitter 'n persoon is wat na die oordeel van die Staatspresident bevoeg is om as voorsitter te dien uit hoofde van sy bekleding van 'n regterlike amp of deur ondervinding as advokaat of prokureur of as dosent in die regsgeleerdheid aan 'n universiteit vir 'n tydperk van minstens 10 jaar;

(ii) die ander lede persone moet wees wie se name op die lys in subartikel (3) bedoel, verskyn.

(*b*) Die voorsitter van die appèlraad word vir 'n tydperk van 5 jaar deur die Staatspresident aangestel, en die ander lede van die appèlraad word deur die voorsitter aangestel wanneer dit nodig is om dit te doen, en vir die verrigting van die werksaamhede van die appèlraad wat die voorsitter bepaal.

(3) (*a*) Die direkteur stel elke 5 jaar 'n lys van die name op van 5 persone wat deur die Staatspresident kragtens paragraaf (*b*) aangewys word.

(*b*) Die persone wat deur die Staatspresident vir die doeleindes van die lys in paragraaf (*a*) bedoel, aangewys word, moet persone wees wat na die oordeel van die Staatspresident uit hoofde van hul opvoedkundige kwalifikasies en kundigheid geskik is om die werksaamhede wat aan die appèlraad kragtens hierdie Wet opgedra is, te verrig.

(*c*) Een van die persone wat kragtens paragraaf (*b*) aangewys word, moet 'n persoon wees wat na die oordeel van die Staatspresident bevoeg is om as voorsitter van die appèlraad waar te neem uit hoofde van sy bekleding van 'n regterlike amp of deur ondervinding as advokaat of prokureur of as dosent in die regsgeleerdheid aan 'n universiteit vir 'n tydperk van minstens 10 jaar.

(*d*) Bedoelde lys word van tyd tot tyd deur die direkteur aangevul nadat die Staatspresident die betrokke persoon of persone aangewys het.

(4) (*a*) Indien die voorsitter van die appèlraad nie in staat is om 'n appèlraad vir die verrigting van die een of ander werksaamheid uit bedoelde lys saam te stel nie, moet die voorsitter 'n ander persoon of persone aanstel om vir die verrigting van daardie werksaamheid in die appèlraad te dien.

(*b*) 'n Persoon kragtens paragraaf (*a*) aangestel, moet 'n persoon wees wat na die oordeel van die voorsitter uit hoofde van sy opvoedkundige kwalifikasies en kundigheid geskik is om die werksaamhede wat kragtens hierdie Wet aan die appèlraad opgedra word, te verrig.

(5) Die ampsvoorwaardes, besoldiging en toelaes van die lede van die appèlraad is soos voorgeskryf.

(6) Die voorsitter van die appèlraad moet by alle vergaderings van die appèlraad waarby hy aanwesig is, voorsit, en indien die voorsitter van 'n vergadering afwesig is, moet die persoon wie se naam ooreenkomstig paragraaf (*c*) van subartikel (3) opgeneem is in die lys in daardie subartikel bedoel, voorsit.

(7) Drie lede van die appèlraad maak 'n kworum uit, en die beslissing van die meerderheid van die lede aanwesig by 'n vergadering van die appèlraad maak 'n besluit van die appèlraad uit: Met dien verstande dat by 'n staking van stemme die persoon wat by die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het.

## CHAPTER V

### PUBLICATIONS APPEAL BOARD

**35.** (1) As often as may be necessary an appeal board, to be known as the Publications Appeal Board, shall be constituted in accordance with the provisions of subsection (2), to perform the functions entrusted to the appeal board under this Act. Publications Appeal Board.

(2) (*a*) The appeal board shall consist of not fewer than three members, of whom—

(i) the chairman shall be a person who in the opinion of the State President is fit to serve as chairman by reason of his tenure of a judicial office or through experience as an advocate or attorney or as a lecturer in law at any university for a period of not less than 10 years;

(ii) the other members shall be persons whose names appear on the list referred to in subsection (3).

(*b*) The chairman of the appeal board shall be appointed by the State President for a period of 5 years, and the other members of the appeal board shall be appointed by the chairman whenever it is necessary to do so and for the performance of such functions of the appeal board as the chairman may determine.

(3) (*a*) The director shall every 5 years compile a list of the names of 5 persons designated by the State President under paragraph (*b*).

(*b*) The persons designated by the State President for the purposes of the list referred to in paragraph (*a*) shall be persons who are in the opinion of the State President by reason of their educational qualifications and experience fit to perform the functions entrusted to the appeal board under this Act.

(*c*) One of the persons designated under paragraph (*b*), shall be a person who is in the opinion of the State President fit to act as chairman of the appeal board by reason of his tenure of a judicial office or through experience as an advocate or attorney or as a lecturer in law at any university for a period of not less than 10 years.

(*d*) Such list shall from time to time be supplemented by the director after the State President has designated the person or persons in question.

(4) (*a*) If the chairman of the appeal board is unable to constitute from such list an appeal board for the performance of any function, the chairman shall appoint any other person or persons to serve on the appeal board for the performance of that function.

(*b*) A person appointed under paragraph (*a*) shall be a person who in the opinion of the chairman is by reason of his educational qualifications and experience fit to perform the functions entrusted to the appeal board under this Act.

(5) The conditions of office, remuneration and allowances of the members of the appeal board shall be as prescribed.

(6) The chairman of the appeal board shall preside at all meetings of the appeal board at which he is present, and if the chairman is absent from any meeting, the person whose name was included in accordance with paragraph (*c*) of subsection (3) in the list referred to in that subsection, shall preside.

(7) Three members of the appeal board shall constitute a quorum, and the decision of the majority of the members present at a meeting of the appeal board shall be the decision of the appeal board: Provided that in the event of an equality of votes the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(8) Die appèlraad kan na goeddunke iemand raadpleeg wat na die oordeel van die appèlraad 'n deskundige is oor 'n aangeleentheid betreffende die werksaamhede van die appèlraad.

(9) (*a*) Die administratiewe werk verbonde aan die verrigting deur die appèlraad van sy werksaamhede word verrig deur beamptes in die departement wat deur die Minister aangewys word.

(*b*) Die voorsitter van die appèlraad wys een van bedoelde beamptes as klerk van die appèlraad aan.

(10) Die setel van die appèlraad is in Pretoria: Met dien verstande dat indien dit vir die appèlraad weens die bestaan van besondere omstandighede raadsaam blyk om sy sitting vir die afhandeling van 'n besondere aangeleentheid op 'n plek elders as in Pretoria te hou, die appèlraad bedoelde sitting op daardie plek kan hou.

Prosedure van appèlraad.

**36.** (1) Die voorsitter van die appèlraad bepaal die prosedure wat die appèlraad by die verrigting van sy werksaamhede moet volg.

(2) Die appèlraad besluit oor 'n aangeleentheid—

(*a*) na ondersoek van die betrokke publikasie of voorwerp of rolprent;

(*b*) in die geval van 'n openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid, na bywoning van die betrokke openbare vermaaklikheid of na besigtiging van 'n voorstelling van die betrokke voorgenome openbare vermaaklikheid of, indien die betrokke komitee op grond van stukke wat op daardie vermaaklikheid betrekking het, sy beslissing gegee het, na oorweging van daardie stukke;

(*c*) na oorweging van—

(i) die redes wat deur die betrokke komitee vir sy beslissing verstrek is;

(ii) in die geval van 'n appèl, die appèlgronde;

(iii) vertoë wat met betrekking tot daardie aangeleentheid kragtens hierdie Wet gerig is;

(iv) 'n stuk wat kragtens subartikel (3) (*b*) voorgelê is; en

(v) die getuienis wat deur iemand in subartikel (3) (*c*) bedoel, gelewer is.

(3) (*a*) Iemand wat ten opsigte van die een of ander geleentheid na die appèlraad appelleer, het die reg om voor die appèlraad te verskyn of om deur sy regsverteenwoordiger verteenwoordig te word wanneer die appèlraad sy appèl aanhoor, en om persone wat voor die appèlraad getuienis met betrekking tot daardie aangeleentheid aflê, te ondervra, maar het nie die reg om getuienis af te lê of aan te voer nie: Met dien verstande dat die appèlraad na goeddunke 'n appellant kan toelaat om getuienis met betrekking tot die een of ander aangeleentheid in verband met sy appèl af te lê of aan te voer.

(*b*) Die appèlraad kan—

(i) die voorsitter van die komitee wat die betrokke beslissing gegee het;

(ii) 'n lid van die direktoraat; of

(iii) die betrokke appellant of iemand wat met betrekking tot die betrokke aangeleentheid vertoë gerig het,

gelas om voor die appèlraad te verskyn en om 'n stuk wat in daardie voorsitter, lid, appellant of persoon se besit of onder sy beheer is en wat na die oordeel van die appèlraad betrekking het op die aangeleentheid wat deur die appèlraad oorweeg word, voor te lê.

(*c*) Die appèlraad kan enigiemand gelas om voor die appèlraad te verskyn en kan so iemand gelas om getuienis af te lê wat na die oordeel van die appèlraad betrekking het op die aangeleentheid wat deur die appèlraad oorweeg word.

(8) The appeal board may in its discretion consult any person who in the opinion of the appeal board is an expert on any matter relating to the functions of the appeal board.

(9) (*a*) The administrative work incidental to the performance of its functions by the appeal board shall be performed by officers in the department designated by the Minister.

(*b*) The chairman of the appeal board shall designate one of such officers as clerk of the appeal board.

(10) Pretoria shall be the seat of the appeal board: Provided that if it appears to the appeal board that by reason of the existence of special circumstances it is expedient to hold its sitting for the disposal of any particular matter at a place elsewhere than in Pretoria, the appeal board may hold such sitting at that place.

Procedure of appeal board.

**36.** (1) The chairman of the appeal board shall determine the procedure to be followed by the appeal board in the performance of its functions.

(2) The appeal board shall decide on any matter—

(*a*) after examination of the publication or object or film in question;

(*b*) in the case of any public entertainment or intended public entertainment, after attending the public entertainment in question or after viewing a rehearsal of the intended public entertainment or, if the committee concerned gave its decision upon papers relating to that entertainment, after consideration of those papers;

(*c*) after consideration of—

(i) the reasons furnished by the committee concerned for its decision;

(ii) in the case of an appeal, the grounds of appeal;

(iii) representations made under this Act in relation to that matter;

(iv) any document submitted under subsection (3) (*b*); and

(v) the evidence given by any person referred to in subsection (3) (*c*).

(3) (*a*) Any person who appeals to the appeal board in respect of any matter, shall have the right to appear before the appeal board or to be represented by his legal representative when the appeal board hears his appeal, and to question persons giving evidence before the appeal board in relation to that matter, but shall not have the right to give or adduce evidence: Provided that the appeal board may in its discretion allow an appellant to give or to adduce evidence relating to any matter in connection with his appeal.

(*b*) The appeal board may direct—

(i) the chairman of the committee which gave the decision in question;

(ii) any member of the directorate; or

(iii) the appellant in question or any person who made representations relating to the matter concerned,

to appear before the appeal board and to produce any document in the possession or under the control of that chairman, member, appellant or person and which, in the opinion of the appeal board, relates to the matter being considered by the appeal board.

(*c*) The appeal board may direct any person to appear before the appeal board and may direct such person to give evidence which, in the opinion of the appeal board, relates to the matter being considered by the appeal board.

(*d*) Wanneer die appèlraad dit nodig ag, kan hy iemand wat kragtens paragraaf (*c*) voor hom verskyn, gelas om sy getuienis onder eed of na die maak van 'n bevestiging af te lê.

(*e*) Die voorsitter van die appèlraad kan aan iemand in paragraaf (*d*) bedoel, 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging aanneem.

(4) Die vergaderings van die appèlraad is nie vir die publiek toeganklik nie: Met dien verstande dat die appèlraad na goeddunke lede van die publiek kan toelaat om 'n bepaalde vergadering van die appèlraad by te woon.

(5) Die appèlraad moet volledige redes vir sy beslissings verstrek.

(6) (*a*) Die voorsitter van die appèlraad moet 'n verslag laat opstel van elke aangeleentheid wat deur die appèlraad beslis is.

(*b*) 'n Verslag in paragraaf (*a*) bedoel, moet ten opsigte van die betrokke aangeleentheid—

(i) die stukke wat daarop betrekking het; en

(ii) die beslissing van die appèlraad en die redes vir sy beslissing,

bevat.

(*c*) Die voorsitter van die appèlraad moet twee afskrifte van bedoelde verslag aan die direkteur laat stuur.

(7) Die verslag in subartikel (6) bedoel, moet in die kantoor van die klerk van die appèlraad en in die kantoor van die direktoraat vir insae deur die publiek gehou word, en afskrifte daarvan moet op aansoek deur iemand teen die betaling van die voorgeskrewe gelde aan so iemand oorhandig word.

(8) Die direkteur moet een van die afskrifte van die verslag in subartikel (6) bedoel, voorlê aan die voorsitter van die komitee wat die publikasie of voorwerp of rolprent of openbare vermaaklikheid waarop die verslag betrekking het, ondersoek het, en kan, indien hy dit nodig ag, ook die voorsitters van die ander komitees van afskrifte van bedoelde verslag voorsien.

(9) 'n Appellant of persoon in subartikel (3) bedoel wat weier of versuim om aan 'n lasgewing kragtens daardie subartikel te voldoen of wat 'n antwoord op 'n vraag aan hom kragtens daardie subartikel gestel, verstrek wat na sy wete onjuis is, is aan 'n misdryf skuldig.

Minagting van appèlraad.

**37.** (1) Niemand mag—

(*a*) 'n lid van die appèlraad beledig, neerhaal of verkleineer nie, of die verrigtinge of die bevindinge van die appèlraad benadeel, beïnvloed of vooruitloop nie;

(*b*) tydens 'n vergadering van die appèlraad opsetlik die verrigtinge van die appèlraad onderbreek of hom op 'n ander wyse in die plek waar bedoelde vergadering gehou word, wangedra nie;

(*c*) in verband met die appèlraad iets doen nie wat, indien dit in verband met 'n geregshof gedoen was, minagting van die hof sou uitgemaak het.

(2) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Beslissings van komitees, direktoraat of appèlraad nie vatbaar vir appèl nie.

**38.** 'n Beslissing van 'n komitee, die direktoraat of die appèlraad is nie aan appèl na 'n geregshof onderhewig nie.

Hersiening van beslissings van appèlraad deur Hooggeregshof.

**39.** (1) 'n Hersiening van 'n beslissing van die appèlraad moet voor drie regters van 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika dien.

(2) Indien die hof wat 'n beslissing van die appèlraad hersien daardie beslissing tersyde stel, moet daardie hof die betrokke aangeleentheid na die appèlraad vir sy heroorweging en die gee van 'n beslissing terugverwys: Met dien verstande dat indien die

(*d*) Whenever the appeal board deems it necessary it may direct any person appearing before it under paragraph (*c*) to give his evidence on oath or affirmation.

(*e*) The chairman of the appeal board may administer an oath to, or accept an affirmation from, any person referred to in paragraph (*d*).

(4) The meetings of the appeal board shall not be open to the public: Provided that the appeal board may in its discretion allow members of the public to attend a particular meeting of the appeal board.

(5) The appeal board shall furnish full reasons for its decisions.

(6) (*a*) The chairman of the appeal board shall cause to be drawn up a report of every matter decided by the appeal board.

(*b*) A report referred to in paragraph (*a*), shall contain in respect of the matter in question—

(i) the documents relating thereto; and

(ii) the decision of the appeal board and the reasons for its decision.

(*c*) The chairman of the appeal board shall cause to be sent to the director two copies of such report.

(7) The report referred to in subsection (6) shall be kept in the office of the clerk of the appeal board and in the office of the directorate, for inspection by the public, and copies thereof shall on the application of any person and on payment of the prescribed fee be furnished to such person.

(8) The director shall submit one of the copies of the report referred to in subsection (6) to the chairman of the committee which examined the publication or object or film or public entertainment to which such report relates and may, if he deems it necessary, furnish the chairmen of other committees also with copies of such report.

(9) Any appellant or person referred to in subsection (3) who refuses or fails to comply with a direction under that subsection or who gives an answer to a question put to him under that subsection which to his knowledge is incorrect, shall be guilty of an offence.

**Contempt of appeal board.**

**37.** (1) No person shall—

(*a*) insult, disparage or belittle any member of the appeal board, or prejudice, influence or anticipate the proceedings or findings of the appeal board;

(*b*) during a meeting of the appeal board wilfully interrupt the proceedings of the appeal board or misconduct himself in any other manner in the place where such meeting is held;

(*c*) do anything in relation to the appeal board which if done in relation to a court of law would have constituted contempt of court.

(2) Any person who contravenes any provision of subsection (1) shall be guilty of an offence.

**Decisions of committees, directorate or appeal board not appealable.**

**38.** A decision of a committee, the directorate or the appeal board shall not be subject to appeal to a court of law.

**Review of decisions of appeal board by Supreme Court.**

**39.** (1) A review of a decision of the appeal board shall serve before three judges of a division of the Supreme Court of South Africa.

(2) If the court reviewing a decision of the appeal board sets aside that decision, that court shall refer the matter in question back to the appeal board for its reconsideration and the giving of a decision: Provided that if the court sets aside a decision of

hof 'n beslissing van die appèlraad tersyde stel op grond daarvan dat die appèlraad by die gee van die betrokke beslissing *mala fide* opgetree het, die hof die beslissing moet gee wat die appèlraad na sy oordeel moes gegee het.

(3) 'n Beslissing van die hof kragtens die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n beslissing van die betrokke komitee te wees.

## HOOFSTUK VI

### DIVERSE BEPALINGS

Vertoë tot appèlraad betreffende aansoeke om permitte en vrystellings.

**40.** (1) Iemand wat kragtens die bepalings van artikel 8 (3), 19 (3), 27 (1) of 28 (5) om 'n permit of vrystelling by die direktoraat aansoek gedoen het en wat hom veronreg ag deur die weiering van sy aansoek of deur die oplegging van 'n voorwaarde of voorwaardes ten opsigte van 'n permit of vrystelling wat aan hom uitgereik of verleen is, kan teen daardie weiering of die oplegging van daardie voorwaarde of voorwaardes na die appèlraad appelleer.

(2) 'n Appèl in subartikel (1) bedoel, moet binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum waarop die betrokke persoon van die beslissing van die direktoraat verwittig is, op die voorgeskrewe wyse aangeteken word en moet van die voorgeskrewe bedrag vergesel gaan.

(3) Indien 'n appèl in subartikel (1) bedoel betrekking het op 'n voorwaarde of voorwaardes onderworpe waaraan 'n permit of vrystelling uitgereik of verleen is, word die betrokke permit of vrystellingsdokument saam met die kennisgewing van appèl aan die appèlraad voorgelê.

(4) Die appèlraad kan die beslissing van die direktoraat wat die onderwerp is van 'n appèl kragtens subartikel (1), bekragtig, wysig of intrek en die direkteur moet die persoon wat die appèl aangeteken het van die beslissing van die appèlraad verwittig: Met dien verstande dat indien daardie appèl betrekking het op 'n voorwaarde of voorwaardes onderworpe waaraan die betrokke permit of vrystelling uitgereik of verleen is, die appèlraad nie bevoeg is om die permit of vrystelling in te trek nie.

(5) Indien die appèlraad kragtens subartikel (4) 'n appèl teen die weiering van 'n permit of vrystelling toestaan, moet die direkteur 'n permit of vrystelling aan die betrokke persoon uitreik of verleen onderworpe aan die voorwaardes (as daar is) wat die appèlraad bepaal.

